

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 16, No. 1

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jan-Feb 2016 *Tomorrow's World*-tydskrif



## *Persoonlik*

*Deur Richard F Ames, Redaksionele Direkteur*

## **Sal u besluit om te volhard?**

Hoeveel jare begin met hoopvolle verwagtings vir wêreldvrede, voorspoed en samewerking tussen nasies? Dit was immers die geskiedkundiges Will en Ariel Durant wat skitterend uitgewys het dat in 3,400 jaar van die mens se aangetekende geskiedenis, net 268 jaar van die beskaafde wêreld heeltemal sonder konflik tussen nasies, koninkryke en regerings was. Vir 92% van die menslike geskiedenis, was een of ander deel van die wêreld in oorlog betrokke. In die 20ste eeu alleen het meer as 100 miljoen mense as 'n direkte gevolg van oorlog gesterf en skattings van oorlogsterftes regdeur die menslike geskiedenis styg tot so hoog as 1 miljard.

Dit is duidelik dat die mens nie in staat is om die pad na blywende vrede te vind nie. Sal die toekoms enige ongekende deurbraak bring? Wat dink u? Indien ons vir 'n oomblik terugkyk, kan ons die volgende in ag neem: Hoe het die menslike samelewing in 2016 gevaar? Dit was 'n jaar van toenemende konflik en terrorisme. Die tragiese en gruwelike terroriste-aanvalle in Parys wat Europeërs in groter militêre-, sekerheids- en verdedigingsbewustheid saamgesnoer het sal, soos baie jarelange lesers van hierdie tydskrif weet, 'n rol speel in die uiteindelijke opkoms van 'n verenigde en magtige Europese super-staat, die

finale herlewing van die ou “Heilige Romeinse Ryk”.

Daardie staat sal homself as so magtig beskou dat dit selfs 'n valse godsdiens sal bevorder wat homself 'n vorm van “Christelikheid” sal noem. Daardie valse godsdiens sal in werklikheid nie net teen die ware leerstellings van Jesus Christus wees nie; dit sal die wêreld se leërs ondersteun wat in rebellie teen Christus sal opstaan wanneer Hy na die planeet Aarde sal terugkom om die Koninkryk van God te vestig en 'n einde te maak aan 6,000 jaar van die mensdom se pogings om hulleself te regeer.

### **Oorwin die “god van hierdie wêreld”!**

Ja, dit is nodig dat Jesus Christus terugkeer om die Koning van die planeet Aarde te word! 'n Redelik onbekende waarheid wat in u Bybel gevind word, is dat die mensdom vandag onder die heerskappy van die “god van hierdie wêreld” leef – Satan die duiwel (2 Korinthiërs 4:4). Daar is tog 'n beter manier. God roep net 'n paar mense in die huidige era tot 'n lewe van oorwinning om op hierdie oomblik 'n voorsmaak te kry van die vrede en vervulling wat die hele wêreld in die komende Millennium sal ken.

Vandag se ware Christene kyk na hierdie hoop, selfs in tye van benoudheid, namate hulle

daarna streef om te volhard (Matthéus 24:13). Hulle weet dat, indien hulle volhard, hulle al hoe nader aan die dag sal kom wanneer die hele aarde daardie Weg sal ken en hulle aan die liefdevolle Regering van hulle welwillende Koning, Jesus Christus, sal onderwerp.

Hierdie Weg is vandag egter onbekend aan die oorgrote meerderheid van mense, wat lyk of hulle bykans eidelose kreatiwiteit het om enigiets te doen wat hulle wil, behalwe om aan God gehoorsaam te wees.

### Besluit om God te gehoorsaam!

Elke jaar begin miljoene mense hulle Januarie deur “nuwejaarsbesluite” te neem. Die eenvoudige waarheid dat God se jaar in die lente (herfs in die suidelike halfmond) begin en nie in die middel van die winter (somer in die suidelike halfmond) nie, word nie in ag geneem nie. (In 2017 begin die Bybelse Nuwejaarsdag, Nisan 1, inderdaad op Maandagaand sodra die son sak die 27ste Maart.) Ons weet dat dit 'n tyd is wanneer baie mense besluit om beter te doen. Dit is iets wat die moeite werd is om enige tyd van die jaar te doen.

Ons sien nogtans met elke nuwe jaar dat selfs ons eenvoudigste “nuwejaarsvoornemens” vinnig in die niet verdwyn. Gesondheidsklubs skryf elke Januarie duisende nuwe lede in, maar hoeveel van daardie nuwe inskrywings geld nog steeds in Maart? Hoeveel

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad

#### Persoonlik –

#### Sal u besluit om te volhard?

Mr. Richard F. Ames se persoonlike rubriek

### Hoofartikel

#### God speel of God gehoorsaam 3

Kan die mensdom sonder God oorleef?

#### Stokke en klippe 7

#### Deur mense verkies of deur God aangestel 8

#### Die nuwe Jerusalem 10

Jerusalem is nie net die fokuspunt van vandag se Midde-Oosterse konflik nie. U Bybel openbaar dat Jerusalem die hoofstad van die wêreld gaan wees en dat 'n nuwe Jerusalem uiteindelik na die planeet Aarde sal kom!

#### Superkieme! Die einde van die antibiotika era 14

Dit wou voorkom of Penisillien en ander antibiotika 'n kuur vir bakteriese infeksies beloop het, maar nuwe generasies bakterieë uitoorlê nou ou geneesmiddels.

#### Eenvoudige beginsels om siekte te voorkom 18

#### Die werke van Sy hande 19

#### Londen roep 21

Was Malthus verkeerd?

### Gereeld

#### Vrae en Antwoorde 23

#### Keerpunte in wêreldgeskiedenis 24

Besoek ons webwerf by:

[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)

of vir Engelse literatuur:

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## Wêreld van Mōre

### Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

### Besturende Redakteur

John Robinson

### Streksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada, Europa)

### Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

### Streekskantore

#### VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

#### KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

#### VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Mōre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Mōre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# God speel of God gehoorsaam?

Deur Roderick C. Meredith

*Die Hooggeregshof gee uitspraak teen God*

In Amerika soek ons politieke en selfs regskeners dikwels byna oral na “leiding” omtrent groot probleme **sonder** om die Bybel, die geïnspireerde Woord van God, te raadpleeg. Tog beweer ons dat ons 'n “Christelike” nasie is. Op die Amerikaanse munte en note staan: “*In God We Trust*”. Ongelukkig, in plaas daarvan om God te gehoorsaam, lyk dit of opstandige mense al hoe meer daarop ingestel is om “God te speel” – deur vir hulleself te beslis van wat reg of verkeerd is.

Die Bybel self vertel vir ons deur Jesus Christus, die Seun van God: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4). Daar word dikwels na die Bybel verwys as die “denke van God” in gedrukte vorm. Dit is die geheelbeeld-beginsels van die manier hoe God die **Skepper** dink. Dit is **waarom** Jesus Christus aan ons gesê het om van **elke woord** van God te leef!

## Die omverwerping van duisende jare se geskiedenis?

In die bespreking van “dieselfde-geslag” huwelik kwessie onlangs voor die Hooggeregshof, het een van die regters sy opmerkings begin deur “die rituele van die Kalahari-mense te bespreek, 'n Afrika-stam van antieke herkoms, wat nooit

dieselfde-geslag verbintenisse as 'n vorm van huwelik erken het nie. Sy punt was dat die huwelik tot onlangs nog altyd aan voortplanting gekoppel was. 'Ons het hierdie definisie vir duisende jare gevolg', het hy aan Maria Bonauto gesê, die prokureur vir dieselfde-geslag pare. 'Dit is ook baie moeilik vir die hof om te sê, “O wel, ons weet van beter”’ (Time, 11 Mei 2015).

Dit is egter *presies* wat die Hooggeregshof hoofsaaklik gedoen het. Hulle het probeer om ongeveer 6,000 jaar van menslike geskiedenis tot niet te maak – om die hele beginsel te verwerp dat die huwelik gaan oor kinders grootmaak en die gesin. Hulle probeer selfs om die Hooggeregshof van die Hemel te verwerp – die Almagtige God Self! Wat op aarde dink hulle doen hulle? Waarom weier hulle om die Een te raadpleeg wat die huwelik in die eerste plek ingestel het: Die **Almagtige God**? Waarom wil hulle nooit die **Bybel** raadpleeg nie, die *geïnspireerde Woord* van die een ware God, wat aan ons opdragte gee oor elke basiese onderwerp wat ons verhouding met God en met mekaar beïnvloed? Waarom word die Bybel byna altyd in sulke besprekings “uitgelaat”? Wat het ons, as 'n beweerde Christelike nasie, in werklikheid bereik wanneer die meeste mense

weier om selfs net te oorweeg wat die Bybel sê?

“Wat het intussen met die Bybel gebeur?” Baie van u beseft waarskynlik dat die Bybel vir die laaste paar dekades onder 'n absolute **aanslag** was. Liberaliste, kommuniste en wêreldse humaniste het hulleself in leierskap-posisies ingewurm in baie van die hoofstroom Protestantse kerke en selfs in die kweekskole. Hulle bring 'n begrip in waarvan u nie seker kan wees wat die Bybel werklik sê nie. U kan nie seker wees dat die manuskrip waarop die Bybel gebaseer is deur God geïnspireer was nie. U kan nie seker wees van dit of dat nie. “Dus” sê hulle, “laat ons net dat die *menslike verstand* self besluit!” Dit is die begrip van die wêreldse benadering van mense wat **nie die vrees vir God** of enige intense respek vir die Woord van God het nie.

## Dink!

Wat het nog *altyd* met enige nasie *gebeur* wat hulle van God en die Wette van God gedistansieer het? Baie geskiedkundiges erken dat antieke Griekeland – wat homoseksualiteit en ander gruwelike praktyke toegelaat het – “ten gronde gegaan het” as gevolg van sy sedelike verval, wat tot verdere verval gelei het, tot so 'n mate dat dit nie meer 'n

mag in die wêreld of 'n voorbeeld vir ander nasies is nie. Hulle erken dieselfde van Rome. Wanneer die antieke Romeine in verskillende areas die standarde van moraliteit wat met baie van God se Wette en insettinge ooreenstem, gehandhaaf het, het dit daartoe bygedra dat hulle in daardie areas geseënd was. Ongetwyfeld, hoe meer daardie sekere Romeinse leiers en denkers hulle tot toenemend veragtelike praktyke van geweld, moord en seksuele perversie gewend het, hoe laer het die Romeinse Ryk gedaal, wat uiteindelik tot die “val van Rome” in 476 n.C. gelei het.

Terwyl die apostel Paulus die sogenaamde wyse manne en filosowe van sy dag beskryf het sê hy: “Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer – hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen. Daarom het God hulle oorgegee aan skandelige hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen

wat nie betaam nie” (Romeine 1:24-28).

Die mensdom se opstandige weë lei tot verwarring en uiteindelik vernietiging! Tog werk God se weë! Die geïnspireerde Woord van God sê duidelik aan ons: “Selfs 'n groot sprinkaanvoël aan die hemel ken sy bepaalde tye, en 'n tortelduif en 'n swaweltjie en 'n kraanvoël neem die tyd van hulle koms in ag; maar my volk ken die reg van die HERE nie. Hoe durf julle sê: Ons is wys, en die wet van die HERE is by ons? Waarlik, kyk, bedrieglik werk die leuenpen van die skrywers. Die slim mense kom in die skande, is verslae en verstriek. Kyk, hulle het die woord van die HERE verwerp, en watter wysheid sou hulle hê? Daarom sal Ek hulle vroue aan ander gee, hulle landerye aan veroweraars; want van die kleinste tot die grootste maak hulle almal onregverdige wins; van die profeet tot die priester pleeg hulle almal bedrog. En hulle genees die verbreking van die dogter van my volk op die maklikste manier deur te sê: Vrede, vrede! – terwyl daar geen vrede is nie” (Jeremia 8:7-11).

Bybelgeleerdes sê aan ons in hierdie Skrifgedeelte waar dit sê dat die valse leraars God se mense “op die maklikste manier” genees, dat hierdie woord eintlik **oppervlakkig** beteken. Ja, soms help die “hoofstroom” predikante wat dikwels opregte “weldoeners” is, net **tydelik**. Hulle menslike oplossing is slegs “oppervlakkig”. Hulle gaan nie terug na die oorsprong van die probleem nie: Die feit is dat die mens eintlik moet **doen** wat

God sê en die Bybel volg, *nie menslike redenasie* nie.

### God se kragtige waarskuwings

Die Almagtige God het aan ons voorvaders in antieke Israel gesê: “Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek – dan sal Ék dit ook aan julle doen: Ek sal **verskrikking** oor julle beskik: die **tering** en die **koors** wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet. En Ek sal my aangesig teen julle rig, sodat julle voor jul vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers, en julle sal vlug terwyl niemand julle agtervolg nie” (Levitikus 26:14-17).

Namate Amerika hulle al hoe verder van God af gedistansieer het, *het* hulle “9-11” ervaar. Hulle *Twin Towers* is **vernietig** en die Pentagon se struktuur is deur “terreur” beskadig – **terrorisme!** As gevolg van wat in die vroeë stadiums van die homoseksuele beweging gebeur het, het ons 'n geweldige toename in “uitteer siektes” en koors – die toenemende voorkoms van VIGS, wat een van die grusaamste en verswakendste siektes is wat die hele wêreld raak. As gevolg van al hierdie dinge, gaan ons nasie die ander strawwe ervaar wat in Levitikus 26 beskryf word met inbegrip van droogte, hongersnood, siekte-epidemies en uiteindelik



*nasionale ballingskap* op 'n skaal wat nog nooit in die moderne geskiedenis ervaar is nie!

My vriende, indien u bereid is om alles wat werklik hierby betrokke is te **bestudeer** en dit te *bewys*, skakel ons of skryf vandag vir 'n *gratis eksemplaar* van ons kragtige boekie met die titel: *Die Bybel: Feit of fiksie?* Begin dan om werklik *aan uself* te **bewys** dat die Bybel waarlik die “Woord van God” is, soos dit daarop aanspraak maak.

Die Bybel maak dit *baie duidelik* wat die Skepper-God se opinie van “dieselfde-geslag huwelike” en *baie ander kwessies* is. Jesus Christus beantwoord 'n vraag oor die reg van mense om van mekaar te skei: “Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie” (Matthéüs 19:4-6). Die hele **rede** vir die huwelik was dat die Skepper-God ons manlik en vroulik gemaak het, sodat ons *gesinne* kan wees en ons **kinders** kan hê. Homoseksuele pare **kan nie** kinders deur hulleself voortbring nie. Ek hoop dat almal dit kan uitpluis!

### God se doel met die huwelik

Aan die heel begin vertel u Bybel: “En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy

hulle geskape. En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip” (Génesis 1:27-28). God het heel eerste *slegs* die man geskep. “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas” (Génesis 2:18).

Die vrou is dus geskape om 'n “helper” vir die man te wees – om sy metgesel te wees; om sy horisonne, fisies, verstandelik en emosioneel te verbreed. Dit is voor die hand liggend dat indien u na die geheelbeeld kyk, u sal sien dat dit hierdie helper is wat die skepping van die hele *gesinsstruktuur* moontlik maak. In die Nuwe Testament noem God Homself “Vader”. *Hy* beplan om Sy Gesin te bou en ons Sy **werklike seuns** te maak. Ons *leer* dit deur die instelling van die menslike huisgesin. Mans en vrouens leer om aan *mekaar onderdanig* te wees, mekaar te vergewe, vir mekaar om te gee en mekaar op 'n spesiale manier **lief** te hê. Die Bybel vertel dit aan ons op 'n hele aantal maniere: Dit beeld die verhouding tussen Jesus Christus en die Kerk uit. Die geïnspireerde Woord van God sê: “Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vrou dit ook in alles aan hul eie mans

wees. Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het” (Efésiërs 5:22-25).

Wanneer twee *mans* met mekaar “trou”, watter een gaan die kinders baar? Sal een “voorgee” om die vroulike eienskappe in die verhouding te hê – of sal hulle erken dat daar geen manlike-vroulike vennootskap of band in hulle “huwelik” is nie? Indien hulle kinders aanneem, sal daardie kinders ooit die voorbeeld hê van 'n “man wat 'n man is” en 'n “vrou wat 'n vrou is”? Satan het alreeds, selfs in huwelike tussen mans en vrouens, 'n aanval op die idee van “eggenoot en eggenote” geloods – elkeen met verskillende geslagsrolle en pligte om mekaar in die gesinsverhouding aan te vul. Nou, met dieselfde-geslag “huwelike” lyk dit asof alles “alkant selfkant” is. Kan daar enige langtermyn voordeel voortspruit uit hierdie rebellie teen lank-bestaande maatskaplike en biologiese werklikhede?

### Op geen manier nie!

Al die lesse van die huwelik, om 'n gesin saam te bou, van natuurlike liefde en onderwerping aan mekaar in die verskillende rolle volgens God se bedoeling – **al** hierdie dinge gaan verlore in die vreemde verhoudings wat mense hulle nou probeer indink as “huwelike” tussen twee mense van dieselfde geslag. Dit is werklik 'n **verdraaiing** van die hele doel van God wat ons in die eerste plek manlik en vroulik gemaak het!

**Indien** ons hierdie ver-

nietiging van die normale gesin toelaat om plaas te vind, sal dit in toekomstige dekades enige samelewing waarin dit beoefen word *aan flarde skeur*. Dit is natuurlik een rede waarom Jesus Christus na hierdie aarde **moet** terugkeer om die *mensdom van homself te red!*

Ons is nou op die rand van toenemend meer “geslagsverandering”-operasies wat uitgevoer word sodat mense kan probeer om iets te wees wat hulle **nie** bedoel was om te wees nie. Selfs die idee van geslag word deur verwarde, misleide mense aangeval wat dink hulle kan self “besluit” om een dag manlik en die volgende dag vroulik te wees en iets “tussen-in” op 'n ander tyd. Watse onsin!

Indien u dink dat “die-selwde-geslag huwelike” die einde van die storie is, **dink weer!** Namate ons – veral die Amerikaners en nasies van Britse afkoms – ons *heeltemal* van die Almagtige God en Sy Woord *distansieer* en onself verlaag deur grootskaals deel te neem aan poligamie, poliandrie en uiteindelik *groep-huwelike*, dan sal “bestialiteit” sonder twyfel op die ou end volg! God laat Hom **nie** bespot nie! Hy sal begin om op 'n manier in te gryp wat hy vir duisende jare nie gedoen het nie! My vriende, ons is waarlik by die **eindtyd** wat op talle plekke in u Bybel voorspel word!

Nou, meer as ooit tevore, lyk dit asof Satan die mens wil verwar en die basiese menslike gesinsverhouding wil uitdelg – dieselfde verwantskap waarop ons lot as ware kinders van God

die Vader berus, in wie se Gesin ware Christene bestem is om in opgeneem te word (Galásiërs 4:5; Efésiërs 1:5). Ja, ware Christene sal ware kinders van die God-“soort” word – nie enige aangenome “ander soort” soos skape of bokke nie. Let op dat dit is wat u Bybel werklik verkondig, dit is wat Satan wil hê u sal vergeet of selfs ontken!

God het spesifiek die voorvaders van vandag se Amerikaners en nasies van Britse afkoms gewaarsku: “My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jý die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet” (Hoséa 4:6). Omdat ons vandag nie die “Wet” van ons Skepper geleer word nie, het hulle gevolglik na elke vorm van perversie afgewyk. Die predikante van hierdie wêreld het hulle nie die opregte respek geleer wat hulle vir Hom en vir Sy tien groot Wette, die Tien Gebooie, behoort te hê nie. In hierdie tydskrif verduidelik, verklaar en benadruk ons voortdurend die begrip van werklike gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie en 'n lewe wat volgens elke Woord van God geleef word – nie deur ons eie menslike wil nie, maar met die hulp van die inwonende Heilige Gees wat ons die denke van God laat ontwikkel in alles wat ons dink, sê en doen. Dit is die denke van God, nie van 'n mens nie, wat die uiteindelijke antwoorde het!

Satan wil hê dat elkeen van

ons sal dink dat ons beter weet as die God wat ons geskape het! Wanneer ons dus in sy strikke beland, probeer die mensdom om “God te speel” deur die Skepper, die God van die Bybel, uit te tart! Dit sal in elke opsig tot **vernietiging** lei – die vernietiging van hoop en vreugde vir die mens, die verwoesting van enige samelewing wat dit toelaat en die *uiteindelike vernietiging* of “algehele uitwissing” van die samelewing **indien** die mensdom toegelaat word om met sy eie idees voort te gaan. Die Woord van die Almagtige God sê uitdruklik aan ons: “Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood” (Spreuke 14:12). Ek hoop en bid dat **almal** van u wat intekenaars van die *Wêreld van Môre* is, sal begin om te *bewys* dat die basiese waarhede van die Bybel die werklike **waarheid** is – dat hulle *gevolg* en *gehoorsaam behoort te word*, nie net individueel nie, maar deur enige samelewing wat beplan om te bly bestaan. Mag God elkeen van u help om te begin met **bestudering** van die geïnspireerde Woord van God en om te leer om “van Christus te eet” (Johannes 6:57) en die *denke van God* in te drink en te leer om te *dink soos God dink!*

Dan sal u in staat wees om die doel te vervul waarvoor u in die eerste plek geskape is. Mag God u help om “wakker te word”, om “uit” hierdie moderne Babilon “uit” te kom (Openbaring 18:4), om die *doel* te *vervul* waarvoor God *elke mens* na Sy ewebeeld geskape het. **WV.M**

# Stokke en klippe

Deur J Davy Crockett III

Ja, woorde kan ons regtig seermaak. Doen ons ons bes om ons woorde op 'n Christelike wyse te kies?

## **Gee u naaste 'n kans. Kies vriendelike woorde.**

Enigiemand wat die nuus deesdae dophou, of na die wêreldtoneel rondom ons kyk, behoort getref te wees deur die gebrek aan hoflikheid wat so algemeen geword het. Ons sien dit in die verslaggewing van die nuus sowel as in nuusgebeure self. Ons sien dit in die daaglikse interaksies tussen mense op alle vlakke van die samelewing. Daar is 'n kras toon, 'n harde stemtoon in baie, amper die meeste woordewisselings met betrekking tot meningsverskille. Of dit nou op die Kongresvloer is, in die raadsale van die Parlement, op straat in ons stede – van slaapkamer tot Raadsaal, in groot en klein lande – twisgierigheid lyk na die gees van die tyd.

Toedigting van motiewe, beledigende taalgebruik en neerhalende aanmerkings blyk aan die orde van die dag te wees. Dit is skokkend, maar baie van die nuusprogramme kweek daardie growwe benadering in hulle aanbieding of dekking van die nuus. Harde stemme, om op mekaar se tone te trap en die persoon wat praat in die rede te val, is 'n standaard formaat wat deur baie, indien nie die meeste nie, gebruik word tydens “nuus”-aanbiedings op televisie. Ek kan net aanneem dat die netwerke opnames gemaak het wat getoon het dat hulle kykers hierdie soort van kras aanbieding van die nuus **wil hê**.

## **Ons woedende wêreld**

Dit is nie 'n verrassing dat hierdie gesindheid die strate getref het nie. Ons lees dikwels van “padwoede” wat deur een of ander onbenullige voorval veroorsaak word, maar wat 'n geveg of selfs 'n skietery tot gevolg het. Geweld by werksplekke begin dikwels met harde woorde tussen kollegas of tussen 'n werker en 'n toesighouer of bestuurder. My vrou het onlangs 'n onaangename ervaring by 'n supermark gehad. Terwyl sy in 'n lang ry gestaan en wag het om te betaal, het 'n vrou met 'n paar items voor in die ry gaan inval. Met 'n glurende blik het sy met 'n harde stem aan diegene wat geduldig hulle beurt afgewag het uitgeroep: “Het julle 'n probleem hiermee?” Dit was 'n gespanne en stresvolle

oomblik, maar die optrede van die onbeskofte koper het die ander kliënte heeltemal geïntimideer. Niemand het haar geantwoord nie en die voorval het sonder verdere konfrontasie verbygegaan.

Wat ons sê en hoe ons dit sê het 'n impak op ander mense, hetsy positief of negatief. U mag dalk nie verbaas wees om te weet dat u Bybel baie oor hierdie belangrike onderwerp te sê het nie. Ons lees: “Daar is een wat onverskillig woorde uitspreek soos swaardsteke, maar die tong van die wyse is genesing” (Spreuke 12:18). Ja, woorde kan diep wonde veroorsaak, dus behoort ons baie versigtig te wees hoe ons dit gebruik. 'n Ondeurdagte belediging of 'n onbesonne tergery kan pynlik wees en mag onherstelbare skade aan 'n verhouding veroorsaak.

Die boek Spreuke gee verder onskatbare opdragte oor hierdie belangrike onderwerp. Daar is geskryf: “'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af, maar 'n krenkende woord laat die toorn opkom” (Spreuke 15:1). Indien ons wil verhoed dat woede en wrok in ander mense opgewek word, behoort ons die toon en buiging van ons stem noukeurig in ag te neem. Dikwels is dit nie **wat** ons sê nie maar **hoe** ons dit sê wat wrywing en vyandigheid met ander mense veroorsaak. Wanneer ons met ons eggenoot, ons kinders, ons kollegas en diegene praat wat ons in besighede bedien, behoort ons die impak van ons woorde in ag te neem. Bou ons ander mense op, of breek ons hulle af?

## **Probeer 'n bietjie vriendelikheid**

Die “Goue Reël” word omskryf deur Jesus Christus in Lukas 6:31: “En soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen.”

Terwyl u 'n kind was, het u waarskynlik die ou gesegde gehoor: “Stokke en klippe kan my bene breek, maar woorde kan my nooit seermaak nie”. Dit was 'n leuen. Woorde kan seermaak. Hoe ons hulle gebruik kan 'n groot impak op ons lewe hê en die lewens van diegene rondom ons.

Weereens, die boek Spreuke stel dit só in perspektief: “Vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek: soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente” (Spreuke 16:24). Watter een sal u kies, “stokke en klippe” of “soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente”? **WvM**

# Deur mense verkies of deur God aangestel?

Deur Winston Gosse

Sedert die tyd van die Konfederasie, het Kanada 42 federale verkiesings gehou, met die mees onlangse wat op 19 Oktober 2015 plaasgevind het. Die aanloop tot 19 Oktober, die 78-dae lange veldtog – 'n lang tyd volgens Kanadese standaarde – het bestaan uit saamtrekke, TV debatte en die tradisionele deur-tot-deur beroepe op kiesers vir die ondersteuning van hulle party. Die Liberale Party van Kanada, onder leiding van mnr. Justin Trudeau, het 'n beslissende oorwinning behaal – die werwing van 39,5% van die algemene stemming en 54% (184 uit 338) van die setels in die Laerhuis, dus het dit 'n meerderheidsregering gevorm.

Die Konserwatiewe Party se leier mnr. Stephen Harper, wat die 22ste Eerste Minister sedert die Konfederasie was, het op 4 November 2015 amptelik uitgetree toe Kanada se nuwe Eerste Minister, mnr. Justin Trudeau, ingesweer is om Kanada se 23ste Eerste Minister te word.

Mnr. Trudeau verteenwoordig 'n tweede generasie Trudeaus wat hierdie setel van gesag beset. Hy woon nou in Sussex Drive, Ottawa waar hy baie jare gelede saam met sy ouers gewoon het toe sy vader, Pierre Elliott Trudeau, as die 15de Eerste Minister van Kanada gedien het vanaf 20 April 1968 tot 4 Junie 1979 en weer vanaf 3

Maart 1980 tot 30 Junie 1984.

Baie mense beskou mnr. Trudeau se verkiesing as deur-slaggewend en baie mense wonder watter rigting die land onder sy leierskap en in die jare van die Liberale Party mandaat sal inslaan. Sy omstrede standpunt, byvoorbeeld, oor die nodigheid van die wettiging van dagga, was 'n duidelike beroep op baie van die kiesers.

## Verandering en leierskap?

Moontlik kan ons 'n verdere blik verkry uit die voorbereide slagspreuk van sy party op die dinge wat gaan kom. Die frase “ware verandering” is dikwels deur die Liberaliste herhaal tydens die 78-dae veldtog. Daar moet nog gesien word wat dit in werklikheid sal beteken, namate die maande en jare verbygaan.

Die ander twee grootste partye, die Konserwatiewes en die Nuwe Demokratiese Party, het ook hulle slagspreuke gehad. Die Nuwe Demokratiese Party s'n is byna soortgelyk, naamlik “gereed vir verandering” en die Konserwatiewes s'n is, “bewese leierskap vir 'n sterk Kanada”. Kan enige politieke party van enige oortuiging egter dit lewer wat **werklik** nodig is vir die voortgesette welsyn van die nasie?

Baie Kanadese is baie trots op hulle reg om te stem vir wie hulle dink dalk beter sal wees om in die behoeftes van die land te voorsien – om Kanada op die

wêreld-verhoog te verteenwoordig – gebaseer op hulle party se agendas en platforms. Hulle word dikwels finansiële bydraers vir hulle gunsteling party en word dus deel van hulle party se veldtogbestuur in die hoop dat hulle stem 'n verskil sal maak. Baie mense dink dat om *nie te stem* nie, 'n ontduiking van verantwoordelikheid is. Sommige mense mag dit selfs as onpatrioties beskou indien versuim word om hierdie reg uit te oefen.

Stel die Almagtige God belang in Kanada se leierskap, sowel as in al die regeringsregeer die wêreld? Ja, Hy doen wel! In werklikheid is God die Een wat oor die regerende gesag van nasies besluit.

Die profeet Daniël het aan Koning Nebukadnésar van antieke Babilon gesê “dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil” (Daniël 4:25). Weer, “Hy sit konings af en stel konings aan” (Daniël 2:21).

So, ja, God is by die keuse van die leierskap van Kanada betrokke, so ook van alle nasies.

Die Hoofredakteur van hierdie tydskrif het voor die laaste VSA presidensiële verkiesing geskryf: “Waar is God in al hierdie dinge? Van die begin af het die mens probeer om hulleself te regeer sonder God se direkte leierskap. Die meeste belydende Christene besef nie eers wat



Jesus Christus met die regering te doen het nie” (*“How would Jesus vote for President?”*, *Tomorrow's World*, September-October 2012, bl. 5).

'n Lied wat dikwels gedurende die tyd rondom 25 Desember gesing word, is die beroemde “Hallelujah koor”, wat die dikwels herhalende woorde insluit: “Die koninkryke van hierdie wêreld sal die Koninkryke van ons Christus word ... en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid”.

**Dit** sal bewys word as die finale oplossing vir al die euwels van die mensdom – nie net dié van Kanada nie.

### 'n Christen se verantwoordelikheid

Met al hierdie feite in gedagte, watter verantwoordelikheid het 'n Kanadese burger wat ook 'n Christen is teenoor die regerende magte wat God toelaat om in plek te wees?

Jesus Christus het nie deelgeneem aan die regeringstrukture van hierdie wêreld toe Hy die planeet Aarde bewandel het nie, maar Hy het 'n beroep op die mense gedoen om hulle aan die regerende *gesag* te onderwerp – selfs tot op die punt om belastings te betaal: “Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom” (Matthéüs 22:21). Christus het 'n voorbeeld gestel as Een wat Homself aan die burgerlike wette en owerhede onderwerp het en het van Sy volgelinge van daardie tyd en van nou verwag om dieselfde te

doen.

Die apostel Paulus skryf: “Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang” (Romeine 13:1-2). Paulus verduidelik verder: “Want daarom betaal julle ook belastings; want hulle is dienaars van God wat juis hiermee voortdurend besig is. Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is: belasting aan die wat belasting, tol aan die wat tol, vrees aan die wat vrees, eer aan die wat eer toekom” (verse 6-7).

### Bid vir leiers

Paulus leer ons ook om vir diegene in posisies van gesag te bid. “In die eerste plek vermaan ek dan dat smeking, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings **en almal wat hooggeplaas is**, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid” (1 Timótheüs 2:1-2). Daar is baie in God se Woord aangaande almal se verantwoordelikheid om hulle aan die leierskap te onderwerp, selfs wanneer ons besef dat, in die geval van konflik, God se Wette en voorskrifte die verordeninge van menslike regering vervang.

Ja waarlik, Kanadese word inderdaad baie geseën om deel te wees van 'n nasie wat baie

wette en voorregte in plek het tot almal se voordeel. Daar was ongetwyfeld in die verlede Kanadese politici en leiers wat ten spyte van hulle menslike tekortkominge en swakhede daarna gestreef het om voorsiening te maak vir wat hulle as die beste vir die mense beskou het. God het toegelaat, selfs in die jongste verkiesing, dat leiers in poste geplaas word, wat sal toesien dat Sy wil oorhoofs volgens Sy plan, wat Hy hier benede uitwerk, sal geskied. Daardie wil mag tot Kanada se seën of tot sy vervloeking wees, dit hang alles van die mense af en hoe hulle op hulle God gereageer het.

God is in beheer. 'n Demokratiese vorm van regering mag wel die beste wees wat die mensdom kan hoop om op sy eie te bereik, maar soos die voormalige Britse Eerste Minister, Winston Churchill, so pragtig aan die Laerhuis gesê het: “Demokrasie is die slegste vorm van regering, behalwe vir al daardie ander vorms wat van tyd tot tyd probeer is” (11 November 1947).

Daar moet dus nog gesien word wat hierdie land se rigting en koers oor die volgende aantal jare sal wees. Om te herhaal wat die apostel Paulus vir Timótheüs gesê het: “In die eerste plek vermaan ek dan dat smeking, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid” (1 Timótheüs 2:1-2). **WVW**

# Die nuwe Jerusalem

Deur Richard F. Ames

*Jerusalem is nie net die fokuspunt van vandag se Midde-Oosterse konflik nie. U Bybel openbaar dat Jerusalem die hoofstad van die wêreld gaan wees en dat 'n nuwe Jerusalem uiteindelik na die planeet Aarde sal kom!*

Die stad Jerusalem is 'n fokuspunt van die drie grootste godsdienste: Die Christendom, Judaïsme en Islam. Die moderne nasie van Israel is in 1948 gestig. Selfs toe dit net die helfte van die stad beheer het, het Israel in 1950 Jerusalem as sy hoofstad verklaar. Na die Sesdaagse Oorlog in 1967, het Israel die ou stad met die nuwe stad verenig. Vandag eis die Palestyne Jerusalem ook op as hulle hoofstad. Die vredesproses tussen hierdie nasies het doodgeloop.

Wanneer ons na al die konflikte in die Midde-Ooste kyk, lyk die vooruitsigte vir blywende vrede maar skraal. Bybelprofesie openbaar dat Jerusalem nie net die toekomstige hoofstad van die afstammeling van antieke Israel en Juda sal wees nie, maar dat Jerusalem die hoofstad van die wêreld sal wees. Nog wonderliker is dat Bybelprofesie verkondig dat 'n nuwe Jerusalem uiteindelik uit die hemel op die aarde sal neerdaal waar dit deur God die Vader en die Messias, Jesus Christus, bewoon sal word. Sal u 'n deel van daardie glorieryke toekoms wees?

Die Midde-Ooste bly vandag 'n streek van konflik en geweld. Sommige waarnemers is hoopvol dat Israel en die Palestyne blywende vrede tot

stand sal kan bring. Jerusalem is een van die struikelblokke tot vrede. Kan Jerusalem as die hoofstad van Israel sowel as 'n Palestynse staat funksioneer?

Vir die Jode was Jerusalem die stad van die groot profete en die hoofstad van die koninkryk van Israel onder koning Dawid en sy seun koning Salomo. Die eerste en tweede tempels was die middelpunt van aanbidding totdat die stad in 70 n.C. deur die Romeine vernietig is. Jerusalem is ook Islam se derde heiligste stad, ná die stede van Mekka en Medina. Vandag oorheers die Islamitiese Moskee van Omar, of die Rotskoepel, die Tempelberg. Die Arabiese term vir hierdie heilige plek is "al-Haram as-Sharif" en beteken "die Edele Heiligdom". Die Moslems glo dat Mohammed van daardie terrein af na die hemel opgevaar het en dat God vir Abraham beveel het om Ismael en nie vir Isak nie, daar te offer. Christene vereer dié stad as die plek waar hulle Verlosser gekruisig was en waar Hy in die tempel onderrig gegee het. Christene glo dat Jesus sal terugkeer om Sy Koninkryk, met Jerusalem as hoofstad van die wêreld, hier te vestig.

## Toekomstige profetiese mylpale!

Wat lê voor vir die stad

Jerusalem? Betekenisvolle profetiese mylpale word deur die Skrif geopenbaar. Gereelde lesers van die *Wêreld van Môre*-tydskrif verstaan die eindtydse Verdrukking en die Dag van die Here, die 3½ jaar voor Christus se Wederkoms. Twee groot gebeurtenisse sal gedurende daardie tyd op die stad Jerusalem fokus. Let op wat u Bybel sê – dat vir daardie 3½ jaar, sal God se twee getuies die Diermoonheid teenstaan, die komende Europese supermoonheid waarteen ons u al gewaarsku het. "En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank sal profeteer" (Openbaring 11:3).

God het nog altyd 'n getuienis aan die rebelle en bose mense van hierdie wêreld gegee. Die wêreld sal dink dat hulle 'n oorwinning oor die twee getuies behaal het wat doodgemaak sal word en vir 3½ dae in Jerusalem dood sal lê. God sal egter die twee gestorwe getuies opwek – tot die skok van hulle vervolgers.

Ons lees: "En ná die drie en 'n halwe dag het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hul voete gaan staan, en 'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het. En hulle het 'n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen!

En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou. En in dié uur het daar 'n groot aardbewing gekom, en 'n tiende van die stad het geval, en seweduisend mense het in die aardbewing omgekom, en die ander het bevrees geword en aan die God van die hemel heerlijkheid toegebring” (Openbaring 11:11-13).

Wat anders sal gedurende die 3½ jaar van die Groot Verdrukking en die Dag van die Here gebeur? Let wel: “En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap” (Openbaring 11:1-2).

Ja, Bybelprofesie is duidelik. Jerusalem sal deur die heidene oorwin word en vir 3½ jaar of 42 maande verdruk word. Gedurende hierdie tydperk van 42 maande, sal Jerusalem deur die heidene vertrap word. Die twee getuies sal vir 1,260 dae lank profeteer. Die Kerk, die ware Christene, sal na 'n veilige plek in die woestyn geneem word vir 3½ “tye”, naamlik 3½ jaar, terwyl die Diermoondheid vir 42 maande sal volhard.

Wat sal aan die einde van daardie 42 maande gebeur? Die laaste van die sewe basuine in die boek Openbaring kondig die vestiging van God se Koninkryk op aarde aan. Die hemelse

aankondiging verseker die **einde** van die mensdom se dolle vaart na verwoesting en **wêreldvernietiging**. “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15)!

### Opstanding van Christene!

Die algemene opstanding van getroue Christene sal met hierdie sewende basuin plaasvind, of die laaste basuin soos dit in 1 Korintiërs 15 genoem word. Dit is die tyd wanneer die ontslapenes in Christus van sterflik na onsterflik verander sal word. Hulle sal in die koninklike, goddelike Gesin van God gebore word. Die Skrif beskryf daardie transformasie: “Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie. Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word” (1 Korintiërs 15:50-53).

Vandag se Christene wil in daardie opstanding wees. Indien

u voel dat God u roep en u wil betekenisvolle veranderings in u lewe maak, kan u met een van ons verteenwoordigers gesels in die streekkantoor die naaste aan u. Sien die lys op bladsy 2 van hierdie tydskrif. U sal die geleentheid hê om met iemand te praat wat u vrae oor die Bybel kan beantwoord en u kan help om na te dink oor u begeerte om u te bekeer en gedoop te word. Onthou die apostel Petrus se opdrag aan die massas berouvolle mense in Jerusalem op die dag van Pinkster in 31 n.C.: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 2:38). Nie net sal die sewende basuin die opstanding van getroue Christene aandui nie, maar dit sal ook die finale oordeel oor rebelse nasies aandui. Openbaring 15 lui die sewe laaste plae oor opstandige mense in. Johannes beskryf die hemelse toneel as volg: “En een van die vier lewende wesens het aan die sewe engele sewe goue skale gegee, vol van die grimmigheid van God wat leef tot in alle ewigheid” (Openbaring 15:7).

Soos jarelange lesers van hierdie tydskrif weet, beskryf die sewe seëls van Openbaring die profetiese gebeure van Christus se tyd af tot die Groot Verdrukking en die Dag van die Here. Trouens, die sewende seël (Openbaring 8) verteenwoordig die sewe-basuin-bebeure tydens die een-jaar

lange Dag van die Here en die sewende basuin (Openbaring 11:15) verteenwoordig die sewe laaste plaë.

Johannes beskryf die sesde van die sewe laaste plaë wat tot die geveg lei waarna gewoonlik as Armageddon verwys word: “En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die Ooste af kom, reggemaak kon word. En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God” (Openbaring 16:12-14).

Jesus waarsku ons dan almal: “Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie. En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armageddon” (verse 15-16).

Die slag van Armageddon is al beskryf as die finale stryd tussen goed en kwaad. Die profeet Sagaria beskryf die omstandighede van daardie geveg. “Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem! Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem” (Sagaria 14:1-2).

Jerusalem sal die fokuspunt van die finale geveg wees. Wie sal dan daardie stryd wen? “En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide” (Sagaria 14:3-4).

Ja, Jesus Christus se voete sal, soos die Bybel sê, weereens op die planeet Aarde staan. Hy sal alle rebelse nasies oorwin. Soos dit in Openbaring 17:14 gestel is, “... die Lam sal hulle oorwin” – dit is, **al** die militêre magte wat teen Christus sal veg met Sy Wederkoms. Let op die straf wat haatgevolle en opstandige nasies sal ontvang omdat hulle gedink het dat hulle teen God kan veg: “En dit sal die plaag wees waarmee die HERE al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond” (Sagaria 14:12).

### **Hoofstad van wêreldvrede**

Die Koning van die konings sal aan alle oorloë tussen nasies 'n einde maak. Hy sal aan al die volke die weg na vrede leer. Dit sal egter tyd neem. Sommige nasies en volke leer op die harde manier. Jerusalem sal die hoofstad van die wêreld wees. Al

die nasies sal verteenwoordigers stuur om die Koning, Jesus Christus, in Jerusalem te aanbid. Let op: “En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier. En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie – hulle sal geen reën kry nie” (Sagaria 14:16-17).

Die mens het nog nooit die pad na blywende vrede geleer nie. Inderdaad, “... die weg van vrede ken hulle nie. Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie” (Romeine\_3:17-18). Die Koning van die konings sal die nasies die weg na vrede leer. Jerusalem sal die middelpunt van wêreldregering en onderwys wees en al die nasies sal na Jerusalem kom om God se lewensweg van liefde en vrede te leer. “En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen baie volke en regsprek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Miga 4:2-3).



Die nasies sal die Tien Gebooi leer en die hele lewenswyse wat deur Christus onderrig word, die lewenswyse soos dit in die Skrifte opgeteken is. Let op hierdie inspirerende beskrywing van Jerusalem se toekoms: "So sê die HERE: Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon; en Jerusalem sal genoem word: Die stad van trou, en die berg van die HERE van die leërskaars: Die heilige berg" (Sagaria 8:3).

Jerusalem staan nie **nu** bekend as die stad van Waarheid nie. Dit sal egter binnekort wel so wees wanneer God se Koninkryk oor die hele wêreld gevestig sal wees. Lees verder in die boek Sagaria. Luister na hierdie pragtige beskrywing van vrede en gesinsaktiwiteite in Jerusalem, tipies van vrede in nasies regoor die wêreld. "So sê die HERE van die leërskaars: Daar sal weer ou manne en ou vroue op die pleine van Jerusalem sit – elkeen met sy stok in sy hand vanweë die veelheid van hulle dae. En die pleine van die stad sal vol wees van seuntjies en dogtertjies wat op die pleine daarvan speel" (Sagaria 8:4-5).

Die profeet Jesaja gee vir ons 'n prentjie van die toekomstige vreugde in Jerusalem: "Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie. Maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skep; want kyk, Ek skep Jerusalem om te juig, en sy

mense om bly te wees. En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor my volk; en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geweën of die stem van geskreue nie" (Jesaja 65:17-19).

God beplan 'n heerlike toekoms vir ons en vir Jerusalem. Hy sal ook nuwe hemele en 'n nuwe aarde skep, saam met 'n **nuwe** Jerusalem. Na afloop van die Millennium en die Groot Wit Troon Oordeel sal God die skepping deur 'n brand suiwer. Die poel van vuur sal oor die hele aarde versprei om dit te suiwer. Let op: "Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand" (2 Petrus 3:10).

Die poel van vuur word in Openbaring 20:14-15 beskryf. Openbaring 21 beskryf die nuwe Jerusalem. Die apostel Johannes skryf: "En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is" (Openbaring 21:1-2).

### **Toekomstige tuiste vir Christene!**

Getroue Christene sal uiteindelik in daardie nuwe Jerusalem woon. Diegene wat daarna uitsien om "hemel toe te

gaan" behoort daarop te let dat God se eie stad na die planeet Aarde kom! Ongelukkig verontagsaam Bybelkritici dikwels die toekomstige werklikheid van hierdie wonderlike gebeure. Hulle sê die boek Openbaring bevat apokaliptiese [openbarende] taal en versinnebeeldings, soveel so dat die meeste gebeure, indien nie almal nie, wat daarin beskryf word, nie letterlik is nie.

Ja, dit is waar dat die boek Openbaring simboliese taal gebruik maar dit is ook waar dat die Bybel die Bybel self interpreteer en ons kan help om nie net die letterlike waarhede wat direk in die Skrif geskryf is te verstaan nie, maar ook die letterlike waarhede agter simboliese gedeeltes. Onthou dat die Openbaarder Self, Jesus Christus, die toekoms aan ons wil bekend maak, asook die belangrikste profetiese gebeure wat nog in hulle volgorde sal plaasvind. "Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om **aan sy diensknepte te toon** wat gou moet gebeur" (Openbaring 1:1).

Ons behoort as Christene te weet wat daardie belangrikste gebeurtenisse is wat Christus openbaar. Onthou die seën wat Hy uitspreek oor diegene wat hierdie Boek ernstig lees en dit behou: "Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby" (Openbaring 1:3).

Is u verwonderd oor Openbaring 21:9 se beskrywing

# Superkieme! Die einde van die antibiotika era

Deur John Meakin

*“En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde” Openbaring 6:8*

Een van die heel indrukwekkendste eienskappe van ontwikkelde samelewings oor die afgelope 75 jaar, was die merkwaardige vooruitgang wat in menslike gesondheid deur die mediese wetenskap tot stand gebring is. Dit is veral waar op die gebied van mikrobiologie; ons het die algehele uitwissing van sommige aansteeklike siektes soos *pokke* gesien en die gedeeltelike uitwissing van ander siektes soos *witseerkeel*, *cholera* en *polio*. Hierdie is siektes wat voorheen wydverspreide ellende, lyding en dood gesaai het.

Die skaal van hierdie oorwinnings behoort nie verklein te word nie; byvoorbeeld, dit word bereken dat sowat 300 miljoen mense in die 20ste eeu alleen aan pokke gesterf het. Teen 1979 word die wêreld nogtans vry van die siekte verklaar nadat doelgerigte pogings om dit uit te roei, suksesvol was. Geen nuwe gevalle is sedert daardie tyd opgeteken nie.

## Oorwin die kieme

Vooruitgang in wetenskap en tegnologie het ons in staat gestel om die gevaarlike mikrobies wat siektes veroorsaak te verstaan. Hulle geheime is ontmasker. 'n Indrukwekkende

arsenaal van anti-mikrobiële verdediging soos entstowwe, anti-virale en anti-bakteriese middels (antibiotika), is suksesvol ontplooi. Dit het tot groot sukses gelei in die voortgesette oorlog teen aansteeklike siektes.

Ten spyte van die vooruitgang het die mikro-organismes – *bakterieë*, *virusse*, *fungi* en *parasiete* – nogtans maniere gevind om terug te veg. Hulle het egter toenemend bewys dat hulle meesters is om ons aanvalle te ontduik; hulle het ontdek hoe om ons anti-mikrobiële arsenaal te uitoorlê deur *weerstand* daarteen op te bou; hulle het selfs meer kragtige *toksienes* ontwikkel. Trouens hoe meer bakterieë aangeval word, hoe meer aktief raak hulle deur hulle genetiese struktuur te muteer en te verander.

Vandag noem ons hierdie mikro-organismes *superkieme!* Hulle veroorsaak 'n nagmerrie van aansteeklike siektes wat ons in 'n toenemende mate oorweldig en kondig 'n potensiële wêreldwye krisis op ons voorstoep aan!

Hierdie kragtige kieme is ons *onsigbare vyande* wat skynbaar oral versprei – hulle skuil in hospitale en gesondheidsorg fasiliteite en koloniseer ons gemeenskappe; in skole, in sport

fasiliteite, in tronke, in ons plaasdiere en selfs op ons troeteldiere en in ons kos. Hierdie kieme het *doodmaak masjiene* geword want ons het in toenemende mate weinig oor om hulle mee te beveg. Die kieme is besig om te wen en die wetenskap kan eenvoudig nie byhou nie.

Waarheen lei dit dus alles? Behoort ons bekommerd te wees oor superkieme en die bedreiging wat hulle vir ons gesamentlike welstand inhou? Wat hou die toekoms in met betrekking tot aansteeklike siektes en werp die Bybel enige lig op die onderwerp?

## Die ontstaan van superkieme

Aanvanklik het die wetenskaplike gemeenskap 'n gerusstellende gevoel ervaar met die vooruitsig dat aansteeklike siektes permanent oorwin kan word. As gevolg van die uitwerking van die nuwe anti-mikrobiële stowwe, het infeksiesyfers gedaal en dit het voorgekom of skouspelagtige vordering gemaak is. Dit het verwagtings geskep om te dink dat wydverspreide siektes van die verlede dalk nooit weer herhaal sal word nie. Die Swart Dood het byvoorbeeld, 30-60%

van Europa se bevolking in die 14de eeu laat sterf (moontlik 100 miljoen mense) en die 1918 Groot Griep-pandemie het aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog meer as 50 miljoen mense regoor die wêreld laat sterf.

Die nuwe anti-mikrobiële middels het egter bewys dat dit nie vir baie lank kragtig was nie; in 1928 is die eerste “wondermiddel” ontdek, 'n swam wat *penisillien* genoem is. Ideaal in die doodmaak van bakterieë soos *Staphylococcus* en *Streptococcus* en daardie bakterieë wat witseerkeel, longontsteking en brein-en-rugmurgvlies-ontsteking veroorsaak, is penisillien algemeen gebruik van ongeveer 1943 af. Byna onmiddellik met die toenemende wydverspreide gebruik, het weerstand teen die middel begin ontwikkel.

'n Nuwe familie van penisillien-tipe middels is vinnig ontwikkel, met inbegrip van 'n middel wat in 1960 *methicillin* genoem is. *Binne een jaar* het 'n stam van *Staphylococcus* wat teen *methicillin* bestand is verskyn en as MRSA bekend geraak. Vandag het ons afstammeling van MRSA wat teen feitlik alle antibiotika bestand is. Hulle het talle ander eienskappe ontwikkel wat hulle ware moordenaar-kieme maak wat hospitale en gemeenskappe regoor die wêreld teister.

In haar boek, *Superbug: The Fatal Menace of MRSA* (Free Press, 2010), lê die bekroonde wetenskap-joernalis Maryn McKenna, noukeurig en

in volledige besonderhede, die innerlike werking van MRSA uit. Sy wys daarop dat hierdie supergogga “'n groot verskeidenheid van mikrobiologiese wapens ontwikkel het wat *virulensiese faktore* genoem word – meer as sewentig selfvernietigende ensiemes en gifstowwe, baie meer as wat enige ander bakterie kan produseer” (bl. 5). Sy merk ook op: “Dit het duidelik geword dat algemene gebruik van antibiotika nie net geneesmiddel-weerstandige infeksies veroorsaak nie; dit het ook veroorsaak dat mense wat geen simptome van infeksie het nie, stille draers van geneesmiddel-weerstandige stamme kan word” (bl. 42, klem ons s'n).

Vandag is daar weerstandige stamme wat 'n uitwerking op die meeste siektes het, met inbegrip van *tuberkulose*, wat jaarliks 2 miljoen mense se dood veroorsaak, hoofsaaklik in ontwikkelende lande. Daar word vermoed dat 'n derde van die wêreld se bevolking met TB besmet is en ongeveer 20% van hulle behels geneesmiddel-weerstandige superkieme. Ander voorbeelde van weerstandige bakterieë is daardie wat salmonella en E-Coli infeksies, tetanus, kinkhoes en cholera veroorsaak.

### Wat die kenners sê

Hoe ernstig is hierdie verwikkelinge dus? 'n *World Health Organization* (WHO) se feiteblad oor weerstand teen antibiotika (*Antibiotic Resistance*, Oktober 2015) berig:

“In net die Europese Unie (EU) alleen word beraam dat geneesmiddel-weerstandige kieme na raming elke jaar 25,000 sterftes veroorsaak en meer as 1.5 miljard Amerikaanse dollar aan mediese sorg uitgawes en produksie verliese meebring”.

Dieselfde WHO feiteblad som die waarlik ontugterende werklikhede op wat nou die wêreldwye gesondheid raak, met inbegrip van: “*Weerstand teen antibiotika is vandag een van die grootste bedreigings vir wêreldwye gesondheid. Dit kan enigiemand, van enige ouderdom, in enige land raak.* 'n Groeiende lys van infeksies – soos longontsteking, tuberkulose, bloedvergiftiging en gonorree – raak moeiliker en soms onmoontlik om te behandel namate antibiotika minder effektief raak. *Die wêreld behoort dringend die manier te verander* waarop ons antibiotika voorskryf en gebruik. Selfs indien nuwe medisyne ontwikkel word, sal weerstand teen antibiotika 'n groot bedreiging bly indien daar nie 'n gedragsverandering plaasvind nie. Sonder dringende optrede is ons op pad na 'n *na-antibiotiese era* waar *gewone infeksies en geringe beserings* weereens die dood tot gevolg kan hê” (klem ons s'n).

Dr. Tom Frieden, Direkteur van die VSA *Centers for Disease Control and Prevention* (CDC) skryf: “Weerstand teen antibiotika is 'n wêreldwye probleem. Nuwe vorms van weerstand teen antibiotika kan

internasionale grense oorsteek en met gemak tussen kontinente versprei. Baie vorms van weerstandigheid versprei teen merkwaardige spoed. Leiers in Wêreldgesondheid het antibiotika-weerstandige mikro-organismes beskryf as 'n 'nagmerrie bakterie' wat 'n 'katastrofiese bedreiging inhou' vir mense in elke land van die wêreld" (*Antibiotic Resistance Threats in the USA*, 2013, bl. 11).

Die CDC skat konserwatief dat in die VSA, meer as 2 miljoen mense elke jaar siek word van antibiotika-weerstandige infeksies, wat minstens 23,000 sterftes tot gevolg het (*ibid.*, bl. 6). Daarbenewens benodig byna 250,000 mense jaarliks hospitaalsorg vir *Clostridium difficile* infeksies en ten minste 14,000 mense sterf as gevolg daarvan. Baie van hierdie infeksies kon voorkom gewees het (*ibid.*, bl. 11).

Nadat Professor Dame Sally Davies, Hoof Mediese Beampte vir Engeland, 'n aantal van hierdie idees herhaal het, skryf sy: "Ons is besig om die stryd teen aansteeklike siektes te verloor. Bakterieë veg terug en is besig om weerstand teen die moderne medisyne op te bou. Kortliks, die middels werk nie!" (*The Drugs Don't Work – A Global Threat*, Penguin, 2013, bl. viii).

Ongeveer 1,2 miljoen hospitaalpasiente regoor die wêreld ly aan bakteriese infeksies en 90,000 van hulle sterf. Daar word geskat dat 70% van bakterieë nou weerstandig

is teen een of meer antibiotiese middels (*Superbugs*, John DiConsiglio, Raintree, 2012, bl. 6).

Het u die belangrikheid en dringendheid van hierdie woorde begryp? Ons nader 'n "na-antibiotiese era" ... Doodgemaak deur "gewone infeksies en geringe beserings" ... "Dit is nodig dat die wêreld dringend verander" ... "Enigeen kan enige plek geraak word" ... "nagmerrie bakterie" ... "katastrofiese bedreiging" ... "Die geneesmiddels werk nie". Alles dui daarop dat ons diep in die moeilikheid is. Ons beleef 'n krisis en ons tyd is besig om uit te loop en so ook die vermoë om onself te verdedig. Margaret Chan, direkteur generaal van die *World Health Organization*, het aan afgevaardigdes in haar toespraak op 11 Oktober 2015 tydens die Wêreld Gesondheidsberaad in Berlyn, Duitsland gesê: "Anti-mikrobiële weerstandigheid het 'n groot gesondheids- en mediese krisis geword. Indien die huidige tendense voortduur, sal hierdie **die einde van moderne medisyne beteken soos ons dit ken**".

### Siekte-epidemies wat nog kom

Sal ons die stryd teen aansteeklike siektes verloor, of sal die mensdom nog maniere vind om beslissend teen superkieme op te tree? Ons kan sekerlik hoop dat mediese navorsing deurbrake sal maak. Dit mag egter ook wees dat die wetenskap deur gebeure oorval

sal word. Superkieme is besig om onverbiddelik sterker te word en word oral gevind. Op een of ander tyd kan hulle uitbreek en ons groeiende wêreldbevolking met verwoestende pandemies tref – wat ons eenvoudig nie in staat sal wees om in toom te hou nie. Dit is trouens al vir eeue lank in die bladsye van u Bybel geprofeteer. Daar sal 'n tyd kom wanneer geen mediese ingryping in staat sal wees om die aanval van siektes en dood waardeur die mensdom geteister sal word te stop nie.

Jesus beskryf verskeie tekens wat Sy Wederkoms na die planeet Aarde sal inlui. Dit sal oorloë, hongersnood en siekte-epidemies insluit (*pessiektes*, Mattheüs 24:7). Mattheüs voeg by dat dit (slegs) die "begin van die smarte" is (vers 8). Inderdaad, hierdie drie tekens het regdeur die grootste deel van die menslike geskiedenis plaasgevind. Die weergawe dui daarop dat dit faktore is wat met verloop van tyd sal vererger namate ons Christus se Wederkoms nader.

Die weergawe in Openbaring 6 is selfs duideliker. Johannes se visioen wat deur Christus Self geïnspireer is, het hom in die toekoms in geprojekteer na die "dag van die Here" (Openbaring 1:10). In die konteks van dié boek, verwys dit na 'n ongekende reeks gebeure wat die einde van die mensdom se heerskappy oor die planeet Aarde aankondig asook die grootskaalse ingryping van God in wêreldsake. Dit is 'n tyd van veelbewoë teëspoed dat, tensy



Christus ingryp, alle lewe op die aarde uitgewis sou word (Matthéüs 24:21-22).

Die eerste vier seëls wat in Openbaring 6 uitgebeeld word, word algemeen *Die Vier Ruiters van die Apokalips* genoem. Die figuur wat op die wit perd sit, het 'n boog (die simbool van verowering) en 'n kroon. Hy ry voort en is op verowering ingestel. Die ruiter van die rooi perd bring oorlog. Die ruiter van die swart perd bring hongersnood. Die ruiter van die vaal perd bring die dood (Grieks *thanatos*) en die graf. In die Ou Testament is *deber* die Hebreuse term vir pes, dit is in die Septuagint deur die Griekse woord *thanatos* vertaal, wat dood beteken.

Wat belangrik is, is dat hierdie vier perde *saamry* en soos hulle voortgaan, maak hulle dood met die swaard, met hongersnood en met pes (pessiektes) en deur wilde diere. Hierdie vier plae verwoes “die vierde deel van die aarde”. Hierdie frase dra die ysingwekkende konnotasie dat een uit elke vier mense in daardie tyd

op die planeet Aarde sal sterf, net voor Christus se ingryping. Indien wel, sal die verlies van lewe werklik “nie geskat kan word nie” en ongekend in die hele menslike geskiedenis wees. Wat interessant is, is dat die Skrif nie aan ons vertel wat die presiese grootte van die “wilde diere” is wat so baie mense sal doodmaak nie. Superkieme herinner ons daaraan dat die kleinste mikro-organisme net so dodelik kan wees soos die grootste roofdier!

### **Daar is egter goeie nuus!**

Vir ons moderne geslag, wat grootgemaak is om te glo dat siektes oorwin is en voortaan oorwin sal word, mag die weergawe in die Bybel nouliks geloofwaardig voorkom. Dit is nogtans dikwels wanneer die beskaafde samelewing ernstig ontwrig word dat die ruiters van oorlog, hongersnood en siekte *saamry*. Van tyd tot tyd kan een perd of 'n ander een die voortou neem; oorlog kan na alles, tot hongersnood en siektes lei, maar hongersnood en siektes kan ook oorloë bespoedig.

Indien superkieme deel van bogenoemde word (en waarom nie?), sal die gekombineerde effek selfs groter wees.

Baie van u wat hierdie woorde lees, sal sonder twyfel nog leef om van hierdie aardskokkende gebeure te getuig. Op God se eie gesag, die Bybel, sal die dag kom wanneer die dun en delikate “lagie van die beskawing” wat ons geniet, voor ons oë sal verkrummel en sal disintegreer. Heelwaarskynlik het dit alreeds in verskeie lande gebeur! Oorlog, hongersnood en pessiektes sal amok maak wanneer die vier ruiters hulle noodlottige rit oor die planeet Aarde begin.

Gelukkig is die goeie nuus dat die lyding wat hulle veroorsaak tot 'n einde sal kom wanneer Christus ingryp om die wêreld te red en God se Koninkryk oor die hele aarde te vestig. Gedurende daardie tyd sal Hy 'n tydperk van ongekende vrede en geluk inlei, wanneer oorloë, hongersnood, pessiektes – dit sluit superkieme in – sal ophou om 'n probleem te wees. **WvM**

## **Genees God VANDAG?**

***Die Bybel toon aan ons dat daar 'n dag kom wanneer siekte-epidemies ons wêreld sal teister. Dokters en hospitale sal oorval word deur siekes en sterwendes. Diegene wat nie geleer het om op God te vertrou nie, sal geen heenkome hê nie. Indien u egter vandag leer om op God te vertrou en Hom gehoorsaam, sal u geseënd wees, moontlik selfs meer as wat u beseef!***

Skryf in of skakel ons om sodoende u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te ontvang!

# Eenvoudige beginsels om siektes te voorkom

Hoewel die mens se geskiedenis deur aansteeklike siektes oorheers word en dit nog steeds die grootste oorsaak van sterftes in ontwikkelende lande is, is siekteverwekkende kieme eintlik baie skaars. Indien ons immuunstelsels sterk bly deur voldoende en geskikte *voeding* en ons voldoende aandag skenk aan behoorlike *sanitasie* en *higiëne*, sal dit ver gaan om ons teen infeksie te beskerm.

God het belangrike beginsels en instruksies aan die antieke nasie van Israel gegee en ook aan die Nuwe-Testamentiese Kerk wat, as dit gevolg word, geweldig baie sal help in ons stryd teen siekte. Sommige daarvan was die presiese faktore wat, tesame met *verbeterde behuising*, 'n merkbare afname in aansteeklike siektes veroorsaak het, selfs nog voor antibiotika beskikbaar was. Hier is 'n oorsig:

- Streng kwarantyn vir diegene wat draers van aansteeklike siektes is (Levitikus 13 en 14).

- Inagneming van die voedselwette wat God ingestel het om ons teen siekte en ongesteldheid te beskerm (Levitikus 11:1-31 en Deuteronomium 14:3-21). Deur ag te slaan op ons dieet, hou ons ons

immuunstelsels sterk.

- Beheer die verspreiding van siekte deur noukeurige aandag aan higiëne te skenk (Levitikus 11:32-40).

- Wees versigtig met sanitasie en die verwydering van uitskeidings (Deuteronomium 23:12-13). Hou uself en u omgewing so skoon as moontlik.

- Gebruik lopende water om hande, liggame en klere te was (Númeri 19:14-19). Dit is ironies dat om ons *hande deeglik te was* voor en na enige risiko van infeksie dalk die heel belangrikste maatreël in vandag se stryd teen aansteeklike siektes is. Goeie outydse seep en water kan slaag waar antibiotika mag misluk.

- Wees gehoorsaam aan God en verkry die seëninge van goeie gesondheid en welstand wat dit sal meebring (Levitikus 26:3-13; Deuteronomium 28:1-13; Spreuke 3:8).

- Beperk negatiewe denke en fokus eerder op die positiewe. Fokus eerder op oplossings as om oor probleme na te dink. Deurlopende negatiewe gedagtes kan hulleself op fisiese maniere manifesteer, met inbegrip van siekte (Filippense 4:8).

- Vermoed misplaaste ideologie en selfsugtige begeertes na verowering, wat

onvermydelik tot konflik en oorlog sal lei (Jakobus 4:1-3). Oorlog lei tot fisiese en sosiale ontwinging, wat op sy beurt hongersnood en siekte voortbring. Dit was nog altyd die les van die geskiedenis.

- God beloof om siektes weg te neem van die nasie wat na Hom opkyk en aan Hom gehoorsaam is (Exodus 23:25; Deuteronomium 7:15).

- Laastens en die belangrikste van alles, volg die geïnspireerde opdrag van die Skrif: "Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het" (Jakobus 5:14). 'n Tyd sal kom wanneer die planeet Aarde so deur siektes verniel sal wees dat geen hoeveelheid "self-help" voldoende sal wees nie. Slegs diegene wat hulle vertrou in God stel en Goddelike genesing soek sal gespaar word van die ergste wat aan die kom is. Goddelike genesing is nie 'n laaste uitweg vir diegene wat reeds al die ander stappe gevolg het nie; dit is die grondslag waarop alle ander genesing berus. Doen u bes om uself te beskerm, maar moenie God buite rekening laat nie! **W&M**

# Die werke van Sy hande

## Binne-in die atoom

Deur Wallace G. Smith

Het u al ooit 'n kind met blokkies of ander bou-speelgoed gesien speel? Menige klein seuntjie of dogtertjie het al 'n middag deurgebring deur boublokkies opmekaar te stapel en inmekaar te pas – soms is dit van plastiek gemaak en soms van hout – om verskillende vorms en strukture te skep waarvan hulle hou. Moontlik skep hulle in hulle denkbeeldige wêreld die geboue van 'n besige stedelike straat, of skep hulle die mure en torings van 'n kasteel, gereed vir avontuur.

Dit het ook so gebeur dat toe die Skepper-God die werklike wêreld rondom ons geskep het, Hy iets gedoen het wat nie so baie anders is nie! Die hele materiële samestelling van hierdie heelal – van die reuse sterre wat snags skyn, tot die yl haartjies wat oor 'n kind se voorkoppie val – is uit 'n merkwaardige klein stelletjie pragtig ontwerpte “boublokkies” opgebou wat *atome* genoem word.

Alhoewel elke individuele atoom so klein is dat dit heeltemal onwaarneembaar is behalwe deur die kragtigste gespesialiseerde toestelle, vorm atome saam die stof van alle materie in die heelal en hulle ontwerp getuig van die bestaan van 'n opperste Ingenieur van die kosmos. Wanneer ons dus die wêreld van die atoom binnegaan, wat kan ons van sy Skepper leer?

### Protone en neutrone

Hoe klein is 'n atoom in elk geval? Wel, verbeel u dat u tot die grootte van die punt aan die einde van hierdie sin kan *krimp*. Selfs dan, sou u nog steeds baie, baie, *baie* verder moet krimp om die skynbaar onmoontlike kleinheid van atome te bereik, wat sowat 'n tien-*miljardste* van 'n meter in deursnee is! Rofweg sal drie *miljoen* atome langs mekaar kan inpas oor die deursnee van daardie punt!

Trouens, die aantal atome in 'n gewone huishoudelike suikerklontjie is gelykstaande aan die beraamde getal van die sterre in die *ganse heelal*. Waarlikwaar, die uiterste *kleinheid* van die atoom is werklik verbysterend!

Hierdie oneindige klein eenheid van materie is nie sommer 'n onoordeelkundige en vormlose voorwerp nie. Die nederige atoom beskik oor 'n presies-ontwerpte struktuur wat dit die volmaakte bousteen maak vir die merkwaardige kosmos wat ons rondom ons sien.

Indien ons verder sou krimp – so klein dat die atoom gelyk is aan die grootte van 'n groot, professionele sportstadion – mag ons verbaas wees om te vind dat aan die binnekant van die atoom meestal leë ruimte is! Ons vind nogtans, in die middel, 'n lewensbelangrike deel van die atoomstruktuur, die *kern*. Indien ons atoom die grootte van die stadion is, dan

sou sy kern die grootte van 'n *groen ertjie wees!* Dit is dan dié klein kern wat aan elke atoom sy fundamentele eienskappe gee.

### Protone en neutrone

Die kern van 'n atoom bevat twee soorte sub-atomiese dele: Positief gelaaiete *protone* en neutraal gelaaiete *neutrone*. Elemente word deur die aantal protone in die kern van 'n atoom onderskei. Waterstof-atome bevat net 'n enkele proton. Suurstof-atome het agt protone, terwyl koolstof-atome twaalf protone het. Die grootste natuurlike atoom wat voorkom is uraan en het 92 protone.

In fisika stoot “soortgelyke” ladings mekaar af en “teen-oorgestelde” ladings trek mekaar aan, baie soos wat enige kind sal ervaar wanneer hy met magnete speel. Dit is nogtans nie van toepassing in die kern van die atoom nie! 'n Wesenlike fisiese verskynsel wat as die “sterk kernkrag” bekend staan bind neutrone en protone saam, sodat hulle nie van mekaar af wegvlieg nie. Saam vorm hulle 'n stabiele kern wat aan elke atoom sy klein, maar noodsaaklike “hart” gee.

Terwyl die kern in die middel die identiteit en eienskappe van die atoom bepaal, word die buitenste doppe van elke atoom deur negatief gelaaiete dele beset, wat *elektrone* genoem word. Terwyl daar voorheen gedink is dat die elektrone om die kern wentel soos planete om die son,

is dit nou bekend dat elektrone op 'n veel merkwaardiger manier beweeg. Hulle spring van plek tot plek rondom die kern in goed-gedefinieerde “doppe” wat op hulle energievlakke gebaseer is en deur die wette van kwantum meganika bepaal word.

Dit is die aantrekkingskrag tussen die verskillende ladings – die positiewe lading van die proton en die negatiewe lading van die elektron – wat elektrone aan die atoom bind en hulle in 'n “wentelbaan” rondom die kern hou, wat die atoom sy vorm en struktuur gee.

Omdat die elektrone wat in hulle doppe beweeg die buitekant van die atoom vorm, speel hulle die deurslaggewende rol in chemie. Byvoorbeeld, wanneer twee waterstof-atome met een suurstof-atoom verbind om water te vorm (wat dit die chemiese formule  $H_2O$  gee), is dit die wedersydse deling van hulle buitenste elektrone wat die kragtige verbinding tussen die individuele atome veroorsaak, wat die watermolekule vorm.

### Bousteen van die heelal

Dit is maar net een demonstrasie van die *fyn instelling* wat in die atoom ingebou is en wat dit die merkwaardige “bousteen” maak wat dit is. Die aantrekkingskrag tussen protone en elektrone behoort *sterk* genoeg te wees dat die elektrone nie eenvoudig net van die atoom af wegvlieg nie, maar dit behoort ook *swak* genoeg te wees sodat die elektrone met *ander* atome kan saamwerk om die chemiese verbindings te vorm wat die wêreld om ons

bou.

Daar is so baie aspekte van die atoom wat dit 'n wonder van akkurate ingenieurswese maak! Soos die fisikus Stephen Hawking in sy top-verkoper boek, *A brief History of Time* opmerk: “Die wette van wetenskap, soos ons dit op die oomblik ken, bevat baie fundamentele getalle, soos die grootte van die elektriese lading van die elektron en die verhouding van die massas van die proton en elektron ... Die merkwaardige feit is dat dit lyk of die waardes van hierdie getalle baie fyn verstel is om die ontwikkeling van lewe moontlik te maak” (bl. 125).

Indien die atoom enigiets anders is as die presies geprogrammeerde skepping wat dit wel is, dan kon ons heelal moontlik sonder sterre gewees het, sonder chemie, sonder materie – sonder *ons!* Gelukkig is die atoom egter 'n wonder van ingenieurswese en ontwerp – saamgestel uit protone, neutrone en elektrone wat rondbeweeg in 'n interaktiewe pragtige en ingewikkelde dans, met die wette van fisika as hulle musiek!

Die gevolg van hierdie voortreflike dans van deeltjies en kragte – die atoom – is 'n meester bousteen wat God maak en tot stand gebring het om die verstommende heelal rondom ons te skep! Alles wat ons sien – van die koue, harde graniet van die *Rockey Mountains* na die helder, lewendige oë van 'n laggende kind – is van hierdie merkwaardige klein wonders gevorm: Atome. Die vindingrykheid van hulle ontwerp is werklik 'n huldeblyk aan die vernuftige God wat hulle

gemaak het.

Terwyl die apostel Paulus sekerlik die geesteswêreld in gedagte gehad het, peinsend oor die verstommende rol wat hierdie minuskule, atoom boustene in die skepping rondom ons speel, kan ons nie help om sy vermaning te onthou nie: “Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie” (Hebreërs 11:3).

### Wonderbaarlik gemaak!

Koning Dawid het hom verwonder oor die merkwaardige ontwerp van sy eie liggaam en sê aan God in lofprysing: “Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is” (Psalm 139:14). Die swaar verdiende kennis van aptekers en fisici deur die eeue heen het ons net geleer dat die wonder wat Dawid oor sy ontwerp ervaar het, nie ophou wanneer ons dit van nader bekyk nie – dit groei net. Nie net is ons self, vreeslik wonderbaarlik gemaak nie, die “stof” waaruit ons gemaak is, is op *sigself* 'n wonder om te aanskou.

Ons kan opkyk na die verhewenheid van die nagtelike lugruim en die uitgestrektheid van die ruimte en die sterre waarneem wat ons omring en die ontsag voel wat kom met die erkenning dat ons Skepper leef! Die atoom leer ons tog dat nie net op die skaal van uiters groot nie, maar ook op selfs die *kleinste* en *ondenkbaar minuskule* van skale, die vingerafdruk van ons Skepper teenwoordig is. **WVW**



# London roep

## Was Malthus verkeerd?

Deur Adam J. West

Die ekonoom, demograaf en Cambridge geleerde Thomas Malthus is 250 jaar gelede in Februarie 1766, naby Dorking in Engeland gebore. Daar word gesê dat sy vader 'n vriend van die filosowe David Hume en Jean-Jacques Rousseau was en die jong man het filosofie, Latyn, Grieks en wiskunde ingedrink as student aan Oxford.

Terwyl die meeste mense wat vandag leef dalk nog nooit van Malthus gehoor het nie, het hy voortgegaan om 'n professor van geskiedenis en politieke ekonomie aan die Oos-Indiese Kompanjie se Haileybury Kollege te word en het sy teorieë oor die voor-industriële wêreld se bevolking 'n diepgaande uitwerking op die Britse maatskaplike beleid van sy dag gehad. Dit is selfs bewys dat sy geskryfte 'n invloed gehad het op die latere navorsing van die Engelse natuurkundige, Charles Darwin en op Darwin se teorie van natuurlike seleksie.

Malthus is moontlik beter bekend vir sy teoretiese werk met die titel: *An Essay on the Principle of Population*. Daarin ondersoek hy die idee dat die bevolking sal toeneem, die beskikbaarheid van voedsel sal oorweldig word en so 'n wêreldwye bedreiging vir die menslike samelewing en

oorlewing sal skep. Die verskil tussen monde wat gevoed behoort te word en beskikbare voedsel sal volgens Malthus 'n gevolg hê – dit staan nou as 'n Malthusiese krisis, of Malthusiese ramp bekend.

### Voorspellings en “positiewe teenwerkings”

Die Malthusiese ramp is die voorspelling dat landbouproduksie deur bevolkingsaanwas ingehaal sal word en daardeur 'n haastige terugkeer na 'n bestaansvlak toestand sal veroorsaak, wat 'n langtermyn, wydverspreide en ongelukkige bestaan vir die grootste deel van die mensdom tot gevolg sal hê. Malthus het gevoel dat die menslike begeerte om voort te plant onvermydelik tot ondergang van die mensdom sal lei, namate die bevolkingsaanwas die voedselproduksie sal verbysteek.

Hy het ook geglo dat die balans tussen bevolkingsaanwas en beskikbaarheid van voedsel teruggebring sal word deur wat hy gesien het as die *positiewe teenwerkings* van *oorlog, hongersnood* en *siektes* – dinge wat die sterftesyfer effektief verhoog. Soos u dalk vermoed, Malthus was 'n *ekonomiese pessimis!* In latere

uitgawes van sy boek, het hy ook *voorkomende teenwerkings* soos om die huwelik uit te stel, geboortebepanking en selibaathed ingesluit.

Vandag sien ons 'n wêreldwye bevolking van meer as 7,2 miljard mense, rofweg 6 miljard meer mense as in Malthus se tyd en hulle word steeds gevoed! Dit is 'n bewys dat Malthus se stelling tot dusver tekort geskiet het.

Die Beijing *TIME* tydskrif se korrespondent Michael Schuman, wys in 'n artikel van 15 Julie 2011 met die titel “*Was Malthus Right?*”, daarop dat “Malthus hom vergis het met die mens se vermoë om die nodige tegnologie te ontwikkel om die grond, water en ander skaars hulpbronne van ons planeet meer doeltreffend te benut. Voedselproduksie het min of meer tred gehou met bevolkingsgroei”.

Malthus het dus nagelaat om voorsiening te maak vir die vooruitgang – soos in die menslike tegnologie en landbou metodes – wat ons nou as vanselfsprekend aanvaar. Beteken dit dus dat die mensdom die “positiewe teenwerkings” van die Malthusiese ramp ontwyk het?

**Steeds geprofeteer ...**

Terwyl Malthus se voorspelling nie verloop het soos waarop hy aanspraak gemaak het nie, word die “positiewe teenwerkings” van oorlog, hongersnood en siektes wat hy beskryf het, nog altyd deur die Bybel geprofeteer om plaas te vind.

In die Skrif word verwys na die “tyd van benoudheid vir Jakob” (Jeremia 30:7). Die Bybel voorspel 'n komende Groot Verdrukking (Matthéüs 24:21) – 'n tyd van ongekende probleme wat oorlog, hongersnood en wydverspreide siekte-epidemies insluit. Die moderne afstammeling van antieke Israel sal dit nie vryspring nie. (Om die identiteit van hierdie volke te verstaan, bestel ons gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*).

Jesus Christus profeteer in Matthéüs 24:7-8 aangaande die eindtyd: “... die **een nasie sal teen die ander opstaan** en die een koninkryk teen die ander; en daar sal **hongersnood** wees en **pessiektes** en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n **begin** van die smarte.”

In 'n verwante profesie beskryf die boek Openbaring vier perde wat simbolies met toenemende intensiteit oor die aarde ry namate die eindtyd nader kom. Die eerste perd is simbolies van valse profete en verleiers (Openbaring 6:2), maar die tweede, derde en

vierde perde is simbolies van oorlog, hongersnood en pessiektes onderskeidelik (verse 4-8).

In 'n profesie wat aan die eindtydse afstammeling van Israel gerig is, lees ons bykomend hiertoe in Levitikus 26:16: “... dan sal Ek dit ook aan julle doen: Ek sal **verskrikking oor julle beskik: die tering en die koors** wat die oë verteer en die lewe laat versmag; **julle sal ook tevergeefs julle saad saai**, want julle **vyande** sal dit opeet.”

Die “positiewe teenwerkings” wat Malthus aangehaal het, is duidelik faktore wat deur God gebruik word om Sy volk te oordeel. *Die grond-oorsaak* van die toekomstige ramp sal egter nie oorbevolking en 'n voedseltekort wees, soos Malthus voorsien en voorspel het nie, maar eerder die veelvuldige, steeds toenemende sondes van hedendaagse Israel.

**God bied beskerming aan**

Namate ons die komende ramp nader, nie van die Malthusiese soort nie, maar die een wat volgens die regverdige oordeel van God uitgevoer sal word in reaksie op die toenemende sondes van Groot-Brittanje, die VSA en die ander nasies in die wêreld wat van Israel afstam, kan ons dankbaar wees dat God beskerming bied aan diegene wat daarna streef om volgens Sy Wet te leef (Openbaring 3:10; Openbaring

12:14).

Spreek 10:3 onderrig ons: “Die Here laat die regverdige nie honger ly nie.” In Exodus 15:26 sê God aan antieke Israel: “As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooië en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak.”

Ons moet ons vertrouwe geheel en al in God stel, soos ons al hoe meer tekens van die komende Groot Verdrukking sien – die werklike ramp wat die mensdom binnekort in die gesig sal staar. Malthus het 'n tyd van toekomstige rampe oor die bewoners van die aarde voorspel, maar tot dusver het sy voorspellings nie vrugte afgewerp nie. Dit beteken nietemin nie dat die mensdom “buite gevaar” is nie. God het met Sy oneindige kennis en wysheid voorsien dat die mens sal voortgaan om Sy “volmaakte wet van die vryheid” te skend om sodoende die plaë van siekte, hongersnood, oorlog en nog baie meer oor homself te bring.

U kan egter die komende ramp vryspring. God sal beskerming teen die Groot Verdrukking aan diegene verskaf wat bereid is om te **glo** en te **handel** volgens wat hulle in God se Woord, die Bybel, lees. Om meer uit te vind, vra vandag nog vir ons gratis boekie, *Die Tien Gebooië!* **WvM**

# Vrae & Antwoorde

**Daar is 'n weeklikse toets wat nie net vir skoolkinders is nie!**

**VRAAG:** Ek het gehoor dat die vierde gebod (Exodus 20:8-11) beskryf word as die “toets”-gebod. Wat beteken dit vir Christene?

**ANTWOORD:** Om op skool te slaag leer studente om die opdragte van hulle onderwysers te volg en hulle lesse noukeurig te leer. Min van ons besef egter dat God *ons elke week* op 'n spesiale manier toets. Volg ons ons Leermeester se opdragte (Matthéüs 19:17) en neem ons Sy lesse aan ons ter harte?

Die Skrif sê aan ons dat God op die *sewende* dag van die skeppingsweek gerus het (Génesis 2:1-3; Exodus 20:11). Hy het die dag van rus geskep of “heiligh gemaak” (Markus 2:27) deur op die dag te rus, terwyl Hy al die ander dae gemaak het om te werk. Hy het nie nodig gehad om te rus omdat Hy moeg was nie (Jesaja 40:28); Hy is Gees en word nooit moeg nie. Deur op die sewende dag van die skeppingsweek te rus (vanaf Vrydag sonder tot Saterdag sonder), het God die Sabbat geheilig en vir Adam en sy nageslag 'n *voorbeeld gestel* om na te volg.

Die een wat Jesus Christus geword het (Johannes 1:1-5, 10-14) is die Een wat opgehou het om aan Sy skepping te werk (Kolossense 1:13-16; Markus 2:28). Jesus het dit duidelik gemaak dat die sewende dag *vir die mens* gemaak is (Markus 2:27; Exodus 20:8-10). God het bedoel dat die weeklikse “Sabbat” (in Hebreeus beteken hierdie woord *rus*) 'n verfrissende seën vir die mensdom sal wees (Deuteronómium 5:14; Exodus 23:12). God het geweet dat die mens periodiek rus en verandering van werk nodig sou hê.

Die doel om God se Sabbat te onderhou gaan wel veel dieper as om net op daardie dag te rus. Ons het elke week daardie tyd nodig om noue geestelike kontak met God te hê deur gebed, Bybelstudie en samesyn met ander gelowiges.

God se Sabbat behoort nie ligtelik opgeneem of vergeet te word nie. Ons word beveel: “Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig” (Exodus 20:8). Dit is 'n herdenking van God se herskepping van die aarde en die skepping van die mens, wat ons daaraan herinner wie die Skepper is.

Hoe is onderhouding van die weeklikse Sabbat 'n “toets”? Dit is 'n *toets van ons gehoorsaamheid aan God!* Ware geloof in God beteken aktiewe *gehoorsaamheid* (Handelinge

5:29, 32; Romeine 16:25-26). Diegene wat God *werklik* glo sal doen wat Hy sê en sal Sy Sabbat onderhou! Sabbatonderhouding was 'n “toets” om te sien of die antieke Israëliete God sou gehoorsaam (Exodus 16:4-5, 22-24), selfs nog voordat Hy al die Tien Gebooe in gekodeerde vorm aan hulle openbaar het (Exodus 20:1-17).

Onderhouding van die Sabbatdag sou ook 'n spesiale teken van identifikasie tussen God en sy volk wees (Exodus 31:13, 16-17). God wou hê dat antieke Israel moes onthou dat Hy die Skepper, die Onderhouer en Opperheerser oor Sy hele skepping is, dus het Hy Sabbatonderhouding as die een groot teken uitgesonder waardeur hulle altyd herinner sal word aan wie Hy is en wie hulle was – Sy uitverkore volk.

Baie belydende Christene is bereid om te erken dat die ander nege gebooe deesdae op een of ander manier onderhou behoort te word, maar verwerp en weier om letterlik een gebod te gehoorsaam: *Die vierde!* So sien ons dat die Sabbatgebod 'n *deurslaggewende toets van gehoorsaamheid* is, want dit identifiseer diegene wat hulle aan God onderwerp het en daarna streef om *al* Sy gebooe te gehoorsaam.

Jesus het gereeld godsdienstige dienste op die Sabbatdag bygewoon “soos Hy gewoon was” (Lukas 4:16, 31). Hy het Sy eie opdrag gehoorsaam om elke Sabbat saam met ander gelowiges bymekaar te kom (Levitikus 23:3). Dít is die dag wat Hy uiteraard sou onderhou, want Hy het oorspronklik die Sabbat geheilig deur te rus en te bevestig dat dit van daardie tyd af vir altyd heilig gehou moes word. Dit was ook die apostel Paulus se gewoonte om die Sabbat te hou (Handelinge 17:1-2). Ander getuïenis toon dat die vroeë Kerk van God die Sabbat onderhou het (Handelinge 13:13-15, 42, 44; 18:1, 4, 11).

Diegene wat deesdae daarna streef om God te gehoorsaam en te *doen wat Hy sê* (Lukas 6:46), onderhou ook dieselfde dag wat Jesus, Paulus en die hele ware Kerk nog altyd onderhou het. Hulle *slaag* God se “toets” elke sewende dag van die week. **WvM**

# Keerpunte in

## Abram word Abraham

Waarom dink en glo ons op die manier waarop ons dit doen? Wat het ons vooruitsigte oor die eeue heen gevorm en gegiet? Wat het die wêreld gemaak soos dit is? In hierdie reeks gaan ons op individue, idees en gebeure fokus wat 'n groot impak op die wêreld gehad het en die verloop van die geskiedenis verander het. Terwyl baie mense vandag aanvaar dat die vloeï van die geskiedenis toevallig is – dat dinge sommer net gebeur – vermoed andere dat daar bewyse van doel en rigting is en dat 'n mag van buite die geskiedenis lei. Ten spyte van wat die kritici glo, maak die Bybel talle aansprake daarop dat God die opkoms en val van nasies bepaal en die verloop van die geskiedenis lei (Job 12:23; Daniël 2:21; 4:17).

In hierdie Keerpunte artikels, sal ons na bewyse kyk wat daarop dui dat daar 'n God is wat besig is om 'n plan op hierdie aarde uit te werk en dat Hy individue en nasies gebruik het om Sy doelwitte te bereik. Dit is nogal 'n merkwaardige verhaal – veral wanneer ons bereid is om die Bybel as geskiedenis te sien en nie net as 'n boek van fabels nie.

Een van die heel merkwaardigste manne wat ons in die Bybel se geskiedenis teëkom is Abram, wie God as Abraham herdoop het (Génesis 17:5). Hy

het ongeveer 2000 v.C. in die stad Ur in die suide van Mesopotamië gewoon, min of meer 350 jaar na die Bybel se sondvloed en meer as 'n eeu voor die beroemde Babiloniese koning Hammurabi. Abraham se lewe en invloed, wanneer dit uit 'n historiese perspektief gesien word, is 'n bewys van 'n *belangrike keerpunt* in die beskawing se geskiedenis. “Hy is in 'n wêreld gebore waar afgodery en die aanbidding van verskeie gode algemeen was. Hy het gesterf met die praktyk van monoteïsme [die aanbidding van een Almagtige God] stewig ingeplant, om nooit weer geblus te word nie” (*The Mark of a Giant*, Ted Stuart, bl. 3). Drie groot monoteïstiese gelowe van ons moderne wêreld word nagespoor tot by Abraham.

### Abraham se God voor Abraham

Abraham het nogtans nie monoteïsme “uitgedink” nie. Volgens die Bybel was God aan Noag bekend ('n voorsaak van Abraham wat eeue vroeër geleef het) en aan vorige geslagte terug tot by Adam. Met verloop van tyd is kennis van die ware God en Sy lewenswyse tog verwerp en het dit verlore geraak. Die Bybel sê dat God met Abraham gepraat het toe hy ongeveer 75 jaar oud was en vir 'n honderd jaar lank met hom

gewerk het (Génesis 12:4; 25:7). Gedurende daardie eeu van persoonlike onderrig, het God Abraham se geloof en gehoorsaamheid opgemerk (Génesis 12:1-4) asook sy onselfsugtigheid en grootheid van gees (Génesis 13:7-12). God het ook aan Abraham morele onderrig verskaf (Génesis 12:10-20; 20:1-18) en Abraham het die verskriklike gevolge van morele verdorwenheid gesien toe God die stede van Sodom en Gomorra vir hulle sondige daade vernietig het. As gevolg van Abraham se geloof en gehoorsaamheid aan God se gebooe en insettinge (Génesis 26:5), het God beloftes aan Abraham en sy nageslag gemaak, wat baie later in die toekomst 'n groot impak op die geskiedenis van die wêreld sou hê.

Die Skrif openbaar dat God 'n spesiale belangstelling in Abraham getoon het om hom op te lei om die individu te wees wat sy nageslag van sy ondervinding met die een ware God sou leer (Génesis 18:19) en om uiteindelik die “vader van die gelowiges” te word – toekomstige geslagte van gelowiges (Romeine 4:11-16). God het Abraham voorberei om die *verloop van die geskiedenis te verander* – om die kennis van die een ware God te *hervestig* – in 'n wêreld wat deur afgodery en



# wêreldgeskiedenis

politeïsme (die aanbidding van baie gode) oorheers was.

## Abraham se God is uniek

Dit was nogtans nie net monoteïsme wat Abraham aan die antieke heidense wêreld bekendgestel het nie. Dit was die aanbidding van 'n God wat *uniek* in die hele geskiedenis is. Die God van die Bybel en die God van Abraham is nie 'n onpersoonlike krag nie, maar Hy is 'n *persoonlike* God wat met Abraham gewandel, gepraat, beveel en hom raad gegee het (Sien Genesis 18). Die God van Abraham handel volgens *etiese standaarde* – nie volgens wispelturigheid nie. Die Babiloniese verhaal oor die sondvloed vertel dat die gode 'n vloed gestuur het om die mensdom te vernietig omdat hulle te veel geraas gemaak het, wat dan op een of ander manier die gode sou steur. Die Génesis-verslag teken aan dat God 'n vloed gestuur het om 'n einde aan 'n menslike beskawing te maak wat boos, goddeloos en korrup geword het en met geweld gevul was (sien Génesis 6). Noag en sy gesin is gered omdat Noag regverdig was, nie omdat hy 'n gunsteling van die veronderstelde “gode” was nie. Die Bybelse weergawe is gemoeid met etiek en morele waardes; die Babiloniese weergawe beeld die onstandvastige optrede van wispelturige

gode uit. Die etiese God van Bybelse monoteïsme is gemoeid met *absolute* waardes van reg en verkeerd. Die een ware God het *een morele standaard* vir die hele mensdom – dit geld vir die bevolking sowel as hulle leiers. 'n Skrywer het opgemerk: “Woorde kan nie die omvang van die verandering weergee wat teweeg gebring is deur die Hebreeuse Bybel se bekendstelling aan die wêreld van 'n God wat die heelal moreel regeer nie” (“*Ethical Monotheism*”, Prager, *JewishVirtualLibrary.org*).

Die God van die Bybel wat met Abraham gepraat het, *gee om* vir Sy skepping en Hy is *betrokke* in die lewens van diegene met wie Hy werk. God se plan vir die mensdom betrek elke mens. Hierdie besorgde God het mense geskape wat in staat is om vir *ander mense om te gee*. Die God van die Bybel wat die mens na Sy beeld gemaak het (Génesis 1:26-28), beskou alle menslike lewe as heilig – dit is waarom menslike offers en moord boos en verkeerd is – of dit nou volwassenes, kinders of die ongeborenes is (Génesis 4:8-12; Exodus 20:13). Die God van Abraham vereis ook *heiligheid* tussen Sy volgelinge (Levitikus 19:2), dit behels om liefde aan u naaste te betoon en om ander mense te behandel soos wat u self behandel wil word (Levitikus

19:18).

## Distansieer van heidense gode

Die kennis van 'n persoonlike, almagtige, etiese, besorgde God van die Bybel wat Abraham ervaar en aan sy nageslag oorgedra het, was *heeltemal anders* as die koue, onsensitiewe, onpersoonlike en magtelose afgode van die politeïstiese nasies van Abraham se tyd. Abraham en sy nageslag het die heidense vrugbaarheidsrites en seksuele perversies verwerp wat deur naburige nasies beoefen is en het dit beklemtoon dat die ware God seksuele moraliteit van Sy volgelinge vereis. Die God van Abraham het eerlikheid, goeie gedrag en respek vir menslike lewe tussen alle mense vereis – met inbegrip van hulle leiers. Soos een skrywer opmerk: “Waar Abraham se invloed die kragtigste ondervind is, was filosofie en godsdien *baie anders* as waar daar nie so 'n invloed was nie” (Stewart, bl. 20).

Terwyl moderne kritici en geleerdes verkies om Bybelse weergawes te ignoreer, openbaar die geskiedenis en Bybelse bewyse dat Abraham se lewe en nalatenskap en die God wat hy ontmoet het, 'n *merkwaardige* en *blywende* impak op die wêreld gehad het. God het vir Abraham gebruik om

die invloed van etiese mono-teïsme weer in die wêreld *in te stel* en dit het die verloop van die geskiedenis *verander* – daardie invloed is tot vandag teenwoordig in ons wêreld waar die helfte van die mense, volgelingen van 'n monoteïstiese geloof is

met sy oorsprong wat teruggaan tot by Abraham. Abraham se lewe en leerstellings van die een ware God, verteenwoordig 'n *groot keerpunt* in die geskiedenis van die wêreld – een wat nog steeds bepaal hoe ons dink en wat ons vandag glo! Die

God van Abraham is *lewend*. Hy het 'n *plan*. Hy werk nog steeds in mense se lewens en Hy gaan voort om die verloop van die geskiedenis *te lei*.

—Douglas S. Winnail

## Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

### ***Vervolg vanaf bladsy 13 – Die nuwe Jerusalem***

van die nuwe Jerusalem? Getroue Christene na wie in die Skrif verwys word as die Lam se vrou, sal in die nuwe Jerusalem woon. 'n Engel het met die apostel Johannes gepraat en hom hierdie visioen gegee: “Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam. En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal; en dit het die heerlijkheid van God gehad, en sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen” (Openbaring 21:9-11).

Deur vorige eeue heen het Bybelkunstenaars hulle begrip van die nuwe Jerusalem geskilder. Dit word gewoonlik as 'n kubus uitgebeeld volgens die skriftuurlike beskrywing (Openbaring 21:16). Let daarop dat die antieke tabernakel en Allerheiligste ook kubusvormig

was. Baie kunstenaars het die glans van die stad beklemtoon. Dink na oor hierdie beskrywing uit die Skrif: “En 'n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam. En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlijkheid en eer daarin. En bedags – want nag sal daar nie meer wees nie – sal sy poorte nooit gesluit word nie; en hulle sal die heerlijkheid en die eer van die nasies daarin bring. En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam” (Openbaring 21:22-27). Ja, diegene wat in die Lam se Boek van die Lewe opgeteken is sal

hierdie glorieryke erfenis vir ewig ontvang om saam met God die Vader en met die Lam, Jesus Christus te wees.

God Almagtig het 'n ont-sagwekkende plan van verlossing. U kan deel wees van die glorieryke plan en alle dinge beërwe. Jesus sê: “Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe” (Matthéüs 5:5). Getroue Christene sal saam met Christus vir 'n duisend jaar in die Koninkryk op die aarde regeer, dan sal ons alle dinge beërf – die heelal. “Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees” (Openbaring 21:7).

Die wêreld is vandag in konflik, veral in die Midde-Ooste. Binnekort sal Jerusalem egter die hoofstad van die planeet Aarde word en u kan deel hê aan daardie glorieryke Koninkryk! **WVW**

**Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik**

miljoene nuwe diëte word elke Januarie begin? Hoeveel goedbedoelde planne word gemaak, net om uiteindelik in duie te stort?

Wanneer mense hulleself dikwels nie eers individueel kan beheer nie, is dit enige verrassing dat wanneer state en nasies bymekaarkom, die probleme van die regering agterweë bly? Vir etlike duisende jare het die mensdom herhaaldelik in sy pogings misluk om te eksperimenteer met nuwe vorms van regering, nuwe maatskaplike strukture – selfs onlangs met nuwe definisies van die “gesin” en “huwelik”. Lees die aangrypende artikel “God speel of God gehoorsaam?” elders in hierdie tydskrif wat deur ons Hoofredakteur, dr. Roderick C. Meredith, geskryf is. Dit lyk byna of opstandige mense dit as vanselfsprekend aanvaar dat indien die God van die Bybel iets beveel, hulle geen deel daaraan wil hê nie! Jare lange lesers van hierdie tydskrif weet dat God 'n plan vir die mensdom het – hulle is hier op die planeet Aarde geplaas om self die heilige en regverdige karakter van God te ontwikkel. Wat hulle nie deur hulle eie pogings kan doen nie, word deur die inwoning van die krag van God, die Heilige Gees, moontlik gemaak.

Asseblief, moenie verkeerd verstaan nie. Christene word nie oornag volmaak nie. God bou nie Sy regverdige karakter in ons deur “gesaghebbende beslissing” nie – onafhanklik, sonder samewerking van ons kant af nie. Soos ons leer om aan Sy wil toe te gee en geregtigheid te beoefen eerder as om te sondig, ontwikkel Christene meer van die “gesindheid van God” en leer om te dink en op te tree soos hulle Verlosser dit in enige gegewe situasie sou doen (Filippense 2:5).

Wat is die bestemming van diegene wat leer om volgens God se weë te leef? Soos u in my artikel, “Die nuwe Jerusalem” elders in hierdie

uitgawe sal sien, kom daar 'n tyd wanneer vandag se Christene onder Jesus Christus in die geprofeteerde “Millennium” sal regeer – 'n tyd wanneer die hele wêreld die weë van God sal leer. Aan die einde van daardie tyd, ná die Groot Wit Troon Oordeel (Openbaring 20:11-13) verby is, sal 'n nuwe Jerusalem – die werklike woonplek van God die Vader – na die herstelde planeet Aarde kom. Ja, die “Hemel” sal na die aarde kom!

Tot dáárdie tyd kom, wat kan Christene doen om voor te berei? Ons weet dat ons wêreld vol gevare is. Sommige van u wat hierdie tydskrif lees, mag reeds in die vroeë 1940's geleef het voor die wydverspreide gebruik van penisillien om bakteriële infeksies te behandel. U sal onthou na watter wonderlike deurbraak dit gelyk het toe daar skielik 'n eenvoudige manier was om infeksies te oorkom wat voorheen sekere mense se dood sou beteken. Ongelukkig, soos met so baie wonderlike nuwe ontwikkelings, het die mensdom foute begaan. As gevolg van die oormatige voorskrifte en onverskillige gebruik van antibiotika, is nuwe vorms van antibiotika-weerstandige bakterieë besig om al hoe meer algemeen te raak. Lees meer hieroor in mnr. John Meakin se kragtige artikel, “Superkieme!” elders in hierdie uitgawe.

U Bybel waarsku dat 'n tyd sal kom, reg aan die einde van hierdie tydperk, wanneer siekte-epidemies ons planeet sal verwoes. Vandag troos baie mense hulle met die idee dat hulle net 'n pil kan sluk en 'n infeksie sal verdwyn. Daar is nogtans 'n tyd aan die kom, gouer as wat sommige mense besef, wanneer die enigste seker bron van genesing nie van medikasie sal kom nie, maar van God Self. Sommige mense vergeet vandag dat toe Jesus Christus Sy dissipels uitgestuur het om te preek, Hy hulle gestuur het om “die koninkryk van God te verkondig en die siekes gesond te maak” (Lukas

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

9:2).

### Besluit om na aan God te bly!

'n Tyd is aan die kom wanneer slegs diegene wat die God van die Bybel ken en dien, in staat sal wees om die verskriklike siektes te weerstaan wat oor die mensdom gebring gaan word. Maak dus seker dat u na aan God bly. Lees elke dag u Bybel. Bid verskeie kere per dag tot u Skepper. Dit is nuttig om ten minste een keer per dag op u knieë te bid indien moontlik, maar ek weet dat sommige van ons met "ou bene" nie in staat mag wees om dit maklik te doen nie. Die belangrikste ding is egter om God aan te roep en dan te luister vir Sy antwoord. U weet Sy antwoord kan gevind

word in die bladsye van u Bybel, wat Sy weg openbaar aan Sy dienaars: Ware Christene.

Mag God almal van u as lesers seën, wanneer u u met meer ywer na Hom wend, deur teen die stroom van so baie mense in ons wêreld te gaan wat dink hulle kan sonder Hom klaarkom. Doen u deel om God se heilige en regverdige karakter met Sy leiding te bou. Volhard in u getroue diens en gehoorsaamheid aan u Skepper. Maak seker dat u heel eerste soek na die Koninkryk van God en Sy geregtigheid, in alles wat u doen (Mattheüs 6:33)!

*Richard F. Ames*

# Wêreld van Môre Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!  
Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God  
Privaatsak X 3016  
Harrismith, FS  
9880**

**of skakel : 058 622 1424  
en meld dat u navraag doen  
oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**